

Wêreld van Môre

Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlijkheid van die Here soos die waters die seabodem oordek.

Vol. 16, No. 2

Vertalings uit 'n vroeër gepubliseerde Mar-Apr 2016 *Tomorrow's World*-tydskrif



'n Persoonlike boodskap van

Roderick C. Meredith, Hoofredakteur

Laat elke dag tel!

Soos die meeste van u wat die nuus volg weet, lewer 'n toenemende aantal ontleders en kenners nou kommentaar oor *hoe vinnig* wêreldgebeure en maatskaplike veranderings plaasvind. Ons nader nou werklik die “voleinding van die wêreld”, soos alle Bybelgelowige Christene behoort te weet. Ons as Christene is in Lukas 21:36 opdrag gegee: “Waak dan en bid”. Ons behoort almal bewus te wees van die vinnig veranderende wêreld, veral in die lig van Bybel-profesie.

In hierdie vinnig veranderende wêreld, het ons steeds net 24 uur om ons lewens te lei. Ons tyd is beperk en kosbaar. Buitendien, kan enigeen van ons se lewens deur 'n ongeluk of groot verandering in die wêreld kortgeknip word, soos die Bybel voorspel het (Matthéüs 24:6-8). Dus, hoeveel tyd het *u* om te leef?

Het u uself al afgevra: “*Gebruik* ek my tyd en energie om die ware *doel* vir my lewe hier op aarde te vervul?” Die geïnspireerde Woord van God sê aan ons: “Die dae van ons jare – daarin is sewentig jaar, of as ons baie sterk is, tagtig jaar; en die uitnemendste daarvan is moeite en verdriet; want gou gaan dit verby, en ons vlieg daarheen. Wie ken die sterkte van u toorn en u grimmigheid, ooreenkomstig die vrees wat aan u verskuldig is? Leer ons om ons dae so te tel dat ons 'n wyse hart mag bekom!” (Psalm 90:10-12).

Met dit in gedagte behoort elkeen van ons ons dae te “tel” om seker te maak dat ons regtig – *regtig* – die “eerste dinge eerste” plaas wanneer ons ons kosbare tyd gebruik. Soos die bekende dekaan van die bestuursdeskundiges, Peter Drucker, in sy uitmuntende boek, *The Effective Executive* skryf:

“Tyd is heeltemal onvervangbaar. Binne perke kan ons byvoorbeeld een bron vir 'n ander verruil, soos koper vir aluminium. Ons kan kapitaal met menslike arbeid vervang. Ons kan meer kennis of spierkrag gebruik, maar daar is geen plaasvervanger vir tyd nie.

Alles vereis tyd. Dit is een werklik universele faktor. Alle werk vind in tyd plaas en gebruik tyd. Die meeste mense beskou nogtans hierdie unieke, onvervangbare en noodsaaklike hulp-bron as vanselfsprekend. Daar is dalk niks anders wat effektiewe bestuurders soveel onderskei as hulle agting van tyd nie” (bl. 26).

Alhoewel u dalk nie 'n vooraanstaande korporatiewe bestuurder mag wees nie, is *u* tyd in God se oë net so belangrik soos dié van die “grootkoppe” van die wêreld. Ons almal behoort

te leer om die kosbare tyd wat God aan elkeen van ons gegee het, behoorlik te gebruik. Soos die Woord wat vlees geword het, Jesus Christus, Sy voorbeeld aan ons gestel het en in werklikheid die "lig" van die wêreld was. Deel van Sy voorbeeld was om *vroeg in die more op te staan* om na "God te soek" en aan die dinge van God te dink, voor enigiets anders sou inmeng. Let op wat Hy gedoen het: "En vroeg in die môre, nog diep in die nag, het Hy opgestaan en uitgegaan en na 'n eensame plek vertrek en daar gebed" (Markus 1:35). Net so behoort ons werklik die eerste dinge eerste te stel. Dit is noodsaaklik in ons *eie lewens* dat ons na **God soek** en genoeg **tyd** afstaan om dit doeltreffend en kragtig te doen – as 'n daaglikse gewoonte – wat van die hoogste belang is.

Maak tyd vir Bybelstudie

Ons word aangemoedig om saam met gebed die Woord van God te **bestudeer**. Let daarop dat die apostel Paulus, die nuwe Christene in Berea as "edelmoediger as dié in Thessalonika" beskou het; "hulle het die woord met alle welwillendheid ontvang en elke dag die Skrifte ondersoek of hierdie dinge so was" (Handelinge 17:11). Hoe belangrik is die Skrif? Jesus Christus beveel alle Christene: "Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van **elke** woord van God" (Lukas 4:4).

Hoe is dit in ons huidige era

Vervolg op bladsy 27

Inhoudsopgawe

Voorblad

Persoonlik – Laat elke dag tel!

Dr. Roderick C. Meredith se persoonlike rubriek

Hoofartikel

Die antwoord 3

Oorlog, misdaad, onregverdigheid en haat deurtrek ons menslike samelewing. Slegs die Koninkryk van God sal vrede, voorspoed en harmonie na die aarde bring, wat die mensdom gevolglik sal toelaat om te floreer; maar Christene kan 'n voorsmaak van die Koninkryk hê deur te leef volgens God se lewenswyse!

Oorwinning oor die dood! 10

Baie ateïste en niegelowiges neem aan dat die dood die einde is. Baie gelowiges aanvaar dat diegene wat nog nooit Christus se naam of leerstellings gehoor het nie, hel toe sal gaan wanneer hulle sterf. U Bybel openbaar die bemoedigende waarheid wat ons almal behoort te weet!

Europese migrasie:

Krisis en gevolge 14

Europa het oor die eeue heen 'n gespanne verhouding met sy minderheidsgemeenskappe gehandhaaf. Wat sal die invloed van die Midde-Oosterse vlugtelingen vir 'n kontinent beteken wat gretig is om weer met sy legendariese oorsprong te herenig?

Die jaar van Shakespeare 19

Môre se Jeug 21

Yster slyp yster

Gereeld

Vrae en Antwoorde 23

Keerpunte in wêreldgeskiedenis 24

Besoek ons webwerf by:

www.wvm.co.za

of vir Engelse literatuur:

www.tomorrowworld.org

Wêreld van Môre

Hoofredakteur

Roderick C. Meredith

Redaksionele Direkteur

Richard F. Ames

Uitvoerende Redakteur

William Bowmer

Besturende Redakteur

John Robinson

Streksredakteurs

Bruce Tyler (Australasië)

Gerald Weston (Kanada, Europa)

Besigheidsbestuurder

Dexter B. Wakefield

Streekskantore

VERENIGDE STATE:

P.O. Box 3810

Charlotte, NC 28227-8010

Tel: (704) 844-1970

Faks: (704) 841-2244

www.tomorrowworld.org

AUSTRALASIË:

PO Box 300

Claredon, SA 5157

Tel: (61) 8 8383 6288

Faks: (61) 8 8127 9667

KANADA:

P.O. Box 409

Mississauga, ON L5M 0P6

Tel: (905) 814-1094

Faks: (905) 814-7659

NIEU-SEELAND:

P.O. Box 2767

Auckland 1140, New Zealand

Tel/Faks: (09) 268 8985

VERENIGDE KONINKRYK:

BM PO Box 2345

London, WC1N 3XX

Tel/Faks: 44 (0) 844-800-9322

SUID-AFRIKA:

Privaatsak X 3016

Harrismith, FS 9880

Tel: 058 622 1424

Faks: 058 623 1303

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif het geen intekenprys nie. Die *gratis* verspreiding van hierdie tweemaandelikse tydskrif word moontlik gemaak deur tiendes en offergawes van lidmate van die Lewende Kerk van God, en van ander wat vrywillig medewerkers geword het in die verkondiging van Christus se ware Evangelie aan alle nasies. Bydraes is welkom en word met dank erken.

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif word in Suid-Afrika vertaal, gedruk en uitgegee deur die Lewende Kerk van God.

© Lewende Kerk van God

Alle regte voorbehou

Alle Skrifverwysings is uit die *Ou Vertaling* (1933), tensy anders aangedui (*NV, Nuwe Vertaling*, 1983).

Die antwoord

Deur Roderick C. Meredith

Waarom is ons nasies in so 'n warboel? Sal oorloë ooit ophou? Sal die mensdom homself binnekort vernietig? Is daar enige hoop vir ons wêreld en vir u? Daar is 'n antwoord en dit sal u lewe vir ewig verander!

Ons huidige menslike samelewing sal binnekort tot 'n algehele **einde** kom. Die ware Jesus Christus van u Bybel het voorspel dat, teen die “*voleinding van die tyd*”, God se ware mense na 'n plek van veiligheid sal “vlug” (Matthéüs 24:20; Openbaring 12:14). Jesus het gesê dat daar dan 'n tyd van *Groot Verdrukking* sal kom, “soos daar van die begin van die wêreld af tot nou toe nie gewees het en ook nooit sal wees nie. En as daardie dae nie verkort was nie, sou geen vlees gered word nie; maar ter wille van die uitverkorenes sal daardie dae verkort word” (Matthéüs 24:21-22). Die weë van die mens sal binnekort tot die uitwissing van alle menslike lewe op hierdie planeet lei – **wêreldvernietiging**. Slegs die Skepper se ingryping – die *ware* God van die Bybel – sal hierdie probleem oplos en dit tot 'n einde bring.

Waarom? Hoe? Wanneer?
Wat is die **antwoord**?

Regoor die wêreld begin miljoene mense besef dat daar **iets** *verskrikliks verkeerd* is. Hulle verstaan egter nie *waarom*, *hoe*, *of wanneer* nie. Hier in Amerika is daar toenemende ang, kommer en intense verwarring oor wat die nabye toekoms inhou. Soos dit in 'n *Wall Street Journal* van 2016 *berig word*: “Die verkiesingsjaar is op ons en die Republikeinse stembeempte, Kellyanne Conway,

beskryf die land se stemming terwyl die toekoms tegemoet gegaan word, op hierdie manier: 'Suur en stroef. Senuweeagtig, gespanne, 'n gevoel van kwesbaarheid en 'n gebrek aan beheer'. Die Demokratiese stembeempte, Fred Yang, sing dieselfde deuntjie: 'Bekommerd, ontevrede, ongeduldig en basies enige ander woord wat onsekerheid weergee' ... Oor een onderwerp was daar eenstemmigheid: Amerika is in 'n angstige en ongelukkige stemming” (“*Voters' Dour Mood Is Clear, Consequences Much Less So*”, 5 Januarie 2016).

Regoor die wêreld begin miljoene mense om meer as ooit te besef dat die wêreld rondom hulle – die *hele menslike samelewing* – uitmekaarval en tot 'n *bittere einde* sal kom, tensy massiewe veranderings gou plaasvind. Baie regerings word links en regs in die Midde-Ooste, Afrika en elders omvergewerp. Die terroristegroep, wat algemeen as ISIS bekend staan, het verskeie regerings omvergewerp en die stabiliteit van ander ondermyn. Hulle vorm van regering is hoofsaaklik diktatorskap, wat onder die Sharia Wet regeer word – dit is 'n regstelsel wat uit 'n bepaalde Middeleeuse begrip van die Moslemse heilige boek, die Koran en daaropvolgende kommentare kom. Soos miljoene mense in die praktyk uit per-

soonlike lyding kan getuig, is dit 'n harde en bitter lewenswyse wat nie net vroue nie, maar in werklikheid die gesonde gesin en elke deel van die samelewing *onderdruk*.

In Noord-Korea het 'n onbetwisbare diktator die mense onder sy heerskappy **onderdruk** en is blykbaar nou van plan om 'n **waterstofbom** en afleweringstelsel te ontwikkel wat, indien hy daarin slaag, hom die mag sal gee om Amerikaanse stede heeltemal met een slag te vernietig! Leiers in Amerika, die Verenigde Koninkryk en elders, is heeltemal in **verwarring** oor hoe om dit te hanteer – terwyl hulle rondskarrel in totale verwarring en voortgaan om die agendas van seksuele perverte van alle soorte, finansiële rowers en selfs Islamiete toe te laat en selfs te bevorder, ten koste van lankgekoesterde tradisionele waardes wat vir eeue lank die Westerse samelewing staande gehou het.

Die “hoofstroom”-godsdienstige groepe in ons Westerse nasies laat al hoe meer 'n “alles is toelaatbaar” lewenswyse toe. Daar is *geen standaard* nie en beslis **geen Wette** van God wat deur die meeste mense vandag as **bindend** beskou word nie. Die heiligheid van seks in die huwelik is afgewater en die totale ineenstorting van toenemend duisende gesinne is *op die*

oomblik aan die orde van die dag, gevolglik word al meer miljoene jongmense in totale **verwarring** groot. Hulle kan nie tussen reg en verkeerd onderskei nie. Hulle raak onseker, wetteloos en verval sommer dikwels in alkoholisme, onwettige dwelmmisbruik, ongeoorloofde seks en ander dodelike lewenswyses. Hulle is dikwels wanhopig – verkeer in angs en het seer van binne en neig gereeld na *selfmoord!*

'n Groot deel van die Westerse wêreld is deur 'n *vals onderwysstelsel* oorgeneem. Dit is by *al dié bogenoemde* betrokke en het 'n wêreld tot gevolg waar daar *geen absolute waardes* is nie. Dit is 'n teelaarde vir *verwarring*. Dit bevorder volslae goddeloosheid en onsedelikheid. Die toenemende seksuele geweld in Amerika [en Suid-Afrika] se kollege-kampusse, die studente se rebellie en oproer teen die administrasie en selfs die *sluiting* van verskeie gedeeltes van ons opvoedkundige stelsels vermeerder die skade wat hulle in ons hele samelewing aanrig. Die “vrugte” van hierdie stelsel is baie duidelik vir diegene wat daarna kyk. Jesus Christus het gesê: “Aan hulle **vrugte** sal jy hulle ken” (Matthéüs 7:16). Wat is die “vrugte”, wat is die *resultate* van “hoër onderwys” hier in Amerika [en Suid-Afrika]? Die resultate word steeds al hoe erger namate ons aangaan en nou sien lang artikels die lig in ons hoofstroom-pers wat aandui dat dit dalk nie eers meer die **moeite werd** sal wees om nog naskoolse kwalifikasies te kry nie. Tussen ons godsdiens- en

onderwysstelsels, is ons hele Westerse samelewing in *baie groot moeilikheid*.

Wat IS die antwoord?

Vir dekades lank het wêreldleiers gedroom en beplan vir 'n *een-wêreldregering*. Tot op hede het die beste pogings van die mensdom nog altyd misluk, maar pogings gaan voort en die doelwit bly. U Bybel openbaar dat daar spoedig 'n Nuwe Wêreld Orde *sal wees* en dit sal die grootste deel van die mensdom verras en skok!

Ja, 'n ware Nuwe Wêreld Orde sal kort voor lank op hierdie aarde gevestig word. Die meeste godsdienstige mense verstaan dit nie. Die meeste predikante verstaan dit ook nie. Dit sal egter *binnekort* kom! Dit sal u lewe dramaties beïnvloed. Dit kom of mense daarvan hou of nie. Trouens, *die meeste mense* sal aanvanklik *nie* daarvan hou nie en sal direk teen die komende Heerser van hierdie aarde veg wanneer Hy kom!

Waarom? Hoe?

Die grote God wat aan ons lewe en asem gee, begin om *kragtig* in menslike sake in te gryp. Die God van die Bybel **sal** presies doen wat Sy geïnspireerde Woord duidelik sê – *of ons dit glo of nie*. So vreemd as wat dit mag lyk, die wêreldoorheersing van die Amerikaners en nasies van Britse afkoms kom tot 'n *einde* – soos ons toenemend binne die volgende dekade sal begryp! Dit sal die hele wese van wêreld-sake verander en ons lewens sal *nooit weer* dieselfde wees nie.

Gelyktydig met die uiteindelige val van die Engels-

sprekende nasies sal 'n Groot Verdrukking, wat Jesus Christus voorspel het, die huidige orde van die menslike samelewing *heeltemal verbrysel* (Matthéüs 24:21-22). Die *ware* Jesus Christus van die Bybel sal na dramatiese “tekens” (verse 29-30), weer na die aarde terugkeer. Hy sal as *Koning* oor al die ander leiers van hierdie aarde heers. “En die sewende engel het geblaas, en daar was groot stemme in die hemel wat sê: Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse Here geword en van sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid” (Openbaring 11:15).

Sal die nasies van hierdie aarde bly wees? *Glad nie!* Baie van ons in die Westerse, Christen-belydende nasies is geneig om te *aanvaar* dat die meeste mense rondom ons “Christelik” is. Ons *aanvaar* soms dat die meeste belydende Christene *die Bybel* werklik *glo*, maar nie een van die aannames is waar nie!

Indien u die resultate van verskeie meningspeilings van godsdienstige mense lees, sal u gou besef dat selfs die meeste Katolieke en Protestantse kerk-gangers **baie min** Bybelkennis het. Baie stembearbeters noem Amerika 'n “Bybel ongeletterde nasie”. 'n Onlangse verslag van *Christianity Today* het die volgende te sê gehad: “Christene beweer dat hulle glo die Bybel is God se Woord. Ons maak daarop aanspraak dat dit God se goddelik-geïnspireerde, onfeilbare boodskap aan ons is. Ten spyte hiervan, lees ons dit egter nie. In 'n onlangse *LifeWay*

Research studie is bevind dat slegs 45% van diegene wat gereeld kerk bywoon, die Bybel meer as een keer per week lees. Meer as 40% van die mense wat kerk bywoon lees hulle Bybel af en toe, moontlik een of twee keer per maand. Byna 1 uit elke 5 kerkgangers sê hulle lees *nooit* die Bybel nie – feitlik dieselfde aantal wat dit elke dag lees” (Ed Stetzer, “*The Epidemic of Bible Illiteracy in Our Churches*”, 6 Julie 2015). Dit alles is geen verrassing nie omdat baie kerkgangers nie eers die vier Evangelies kan *opnoem* nie – laat staan nog om te *verstaan* wat dit werklik sê!

Dit behoort ons nie te verbaas nie. U *eie* Bybel openbaar duidelik en herhaaldelik dat hierdie *hele wêreld mislei* is! Natuurlik, aangesien die meeste mense mislei is, *beseft* hulle *nie* dat hulle mislei is nie. Indien hulle **geweet** het hulle is mislei sou hulle nie mislei gewees het nie – *sou hulle?*

Let op hierdie geïnspireerde verse: “En die groot draak is neergewerp, die ou slang wat genoem word duiwel en Satan, wat die **hele wêreld verlei** [mislei], hy is neergewerp op die aarde, en sy engele is saam met hom neergewerp” (Openbaring 12:9). Na Christus se Wederkoms, sal Satan in 'n plek gebind en opgesluit word “sodat hy die nasies **nie meer** sou **verlei** [mislei] nie” (Openbaring 20:3). Onthou, soos die apostel Paulus geskryf het, Satan het hierdie wêreld **verblind**: “Maar as ons evangelie dan nog bedek is, is dit bedek in die wat verlore gaan, *naamlik* die ongelowiges in wie die god van hierdie wêreld

die sinne **verblind** het, sodat die verligting van die evangelie van die heerlijkheid van Christus, wat die beeld van God is, op hulle nie sou skyn nie” (2 Korinthiërs 4:3-4).

Ons behoort liewer ophou om te dink dat die Bybelse waarskuwing dat die “hele wêreld” mislei is, slegs vir 'n paar mense **iewers anders** bedoel is!

Die ware Evangelie van Jesus Christus

Indien u Matthéüs 24:30 mooi lees, sal u sien dat – eerder as om bly te wees – die nasies van die aarde sal **treur** by die Wederkoms van Jesus Christus. Die Bybel openbaar ook duidelik dat met Christus se Wederkoms, die tien konings van die toekomstige Diermoondheid *en hulle* ontsaglike leërs teen die terugkerende Seun van God gaan **veg!** “En die tien horings wat jy gesien het, is tien konings wat nog geen koningskap ontvang het nie, maar hulle ontvang mag soos konings een uur lank saam met die dier. Hulle het een gesindheid en sal hulle krag en mag oorgee aan die dier. Hulle sal teen die Lam **oorlog voer**, en die Lam sal hulle oorwin – want Hy is die Here van die here en die Koning van die konings – en die wat saam met Hom is, geroepe en uitverkore en getrou” (Openbaring 17:12-14).

Hoe is dit *moontlik* dat dit *kan* gebeur? Hoe *kan* die weermagte van 'n “Christelike” Europa vir Christus met Sy Wederkoms *direk aanval*? Omdat die Bybel so *sê!*

Die *waarheid* is dat die *hele Bybel* ons na 'n tyd van

wêreldregering onder Christus, aan die einde van hierdie huidige tydperk wys. In 'n geïnspireerde preek wat die apostel Petrus direk na Pinkster gelewer het, het hy gesê dat God vir Jesus Christus na die aarde gaan terugstuur. “Hom wat die hemel moet ontvang tot op die tye van die wederoprigting van **alle dinge**, waarvan God van ouds af gepreek het deur die mond van **al** sy heilige profete” (Handelinge 3:20-21).

Petrus sê dus in die *Nuwe Testament* aan ons dat **al** die profete van die *Ou Testament* die toekomstige tyd van “wederoprigting van alle dinge” beskryf het. Wat openbaar die Bybel dus duidelik aangaande die tyd wat binnekort gaan aanbreek? Dit is inderdaad 'n boodskap waarvan die meeste mense bitter min gehoor het! Dit beskryf duidelik **'n ongelooflike toekoms** vir ons kinders en kleinkinders *na* Jesus Christus se Wederkoms na die aarde. Dit is 'n *lewensbelangrike deel* van die Goeie Nuus wat Christus en Sy Apostels verkondig het. Jesus Christus het nie gekom om net oor persoonlike verlossing te praat nie, maar ook oor 'n toekomstige **wêreldregering** wat vrede en vreugde na hierdie hele aarde sal bring!

Die ware Jesus van u Bybel het gekom om die boodskap van die Koninkryk van God te verkondig (Markus 1:14). Dit was *nie* 'n Evangelie oor 'n vae soort warm gevoel in u hart, of net oor die **aanvaarding** van die *Persoon* van Christus nie. Intendeel, dit was omtrent die toekomstige *Regering van God* wat ware vrede, voorspoed,

gesondheid en geluk aan hierdie siek en verwarde wêreld sal bring. Jesus het Sy oorspronklike Apostels *beloof*: “En dit is julle wat altyddeur by My gebly het in my versoeking. En Ek beskik vir julle 'n koninkryk soos my Vader dit vir My beskik het, sodat julle kan eet en drink aan my tafel in my koninkryk en op trone sit om die twaalf stamme van Israel te oordeel” (Lukas 22:28-30).

Baie teoloë probeer om die dosyne duidelike stellings soos hierdie regdeur die Bybel **geestelik weg** te redeneer. Indien Jesus sê wat Hy bedoel en bedoel wat Hy sê, is dit baie *duidelik* dat 'n wonderlike **Nuwe Wêreld Orde** inderdaad aan die kom is, om met Sy Wederkoms hier op *die* aarde gevestig te word – 'n *letterlike* Koninkryk of **Regering** wat in die Skrif “die Koninkryk van God” genoem word.

Let op wat die apostel Johannes geïnspireer was om met die beskrywing van Jesus se Wederkoms na die aarde tydens die **laaste basuin** te skryf: “En die sewende engel het geblaas, en daar was groot stemme in die hemel wat sê: Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse Here geword en van sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid” (Openbaring 11:15). Let daarop dat Jesus Christus met Sy Wederkoms oor die “koninkryke van hierdie wêreld” sal regeer – **nie oor** mense in die hemel nie!

Lees ook die geïnspireerde “Lied van die Heiliges” in Openbaring 5:9-10: “Toe sing hulle 'n nuwe lied en sê: U is waardig om die boek te neem en

sy seëls oop te maak, want U is geslag en het ons vir God met u bloed gekoop uit elke stam en taal en volk en nasie, en het ons konings en priesters vir onse God gemaak, en ons sal as konings **op die aarde** heers.” Dus kom daar 'n tyd wanneer die ware heiliges van God beslis saam met Christus op die aarde sal heers. Daar is *nie een enkele vers* op **enige plek** in u Bybel wat vir ons sê dat die loon van die heiliges is om “heeldag in die hemel rond te lê” met niks om te doen nie. Nee! Die heiliges sal **werk hê om te doen** onder Christus na Sy Wederkoms, deur hier op die planeet Aarde te regeer!

Waarom versuim die hoofstroom kerke om die kragtige boodskap wat betref die toekomstige Koninkryk van God op hierdie aarde te verkondig? **Waarom** dring hulle daarop aan om oor die *Persoon* van Jesus te praat maar versuim *byna heeltemal* om die kragtige boodskap te verkondig wat Hy van die Vader gebring het oor 'n toekomstige **wêreldregering**?

Waarom?

Die apostel Paulus sê baie duidelik aan ons dat 'n ware Christen se doel is om deel te wees van daardie letterlike Regering wat op hierdie aarde gevestig sal word: “Weet julle nie dat die heiliges die wêreld sal **oordeel** nie? En as die wêreld deur julle geoordeel word, is julle dan onbevoeg vir die geringste regsake? Weet julle nie dat ons engele sal oordeel nie, hoeveel te meer die alledaagse dinge?” (1 Korinthiërs 6:2-3). In hierdie gedeelte verduidelik Paulus dat ware Christene moet voorberei om op hierdie hele aarde te

regeer. Soos die apostel Johannes aan ons sê: “Salig en heilig is hy wat deel het aan die eerste opstanding; oor hulle het die tweede dood geen mag nie, maar hulle sal priesters van God en van Christus wees en sal saam met Hom as konings regeer duisend jaar lank” (Openbaring 20:6).

'n Ontslagwekkende doel

Wat 'n opwindende toekoms! Wat 'n ongelooflike doel! Wat 'n wonderlike **rede** om God te dien, om ons sondes te oorkom en om ons lewens *heeltemal* aan Hom en Sy wil *oor te gee*, om Christus in ons te laat leef en **God** se ware *karakter* in ons te bou! (Vgl. Galásiërs 2:20). Dan, en *slegs dan*, sal ons geskik wees om saam met Christus in Sy toekomstige Koninkryk te regeer.

God se Woord sê aan ons: “Dan word die koningskap en die heerskappy en die grootheid van die koninkryke onder die ganse hemel gegee aan die volk van die heiliges van die Allerhoogste; hulle koninkryk is 'n ewige koninkryk, en al die heerskappye sal hulle vereer en gehoorsaam wees” (Daniël 7:27). Ons moet leer om Paulus se geïnspireerde woorde te **glo**: “Weet julle nie dat die heiliges die wêreld sal **oordeel** nie? En as die wêreld deur julle geoordeel word, is julle dan onbevoeg vir die geringste regsake?” (1 Korinthiërs 6:2).

Die meeste belydende Christene glo *dit nie*, want dit is nog nooit aan hulle *geleer* nie. Hulle verstaan nie naastenby die belangrike **doel** waarvoor ons op hierdie aarde geplaas is nie – dit strek selfs verder as wat ek hier beskryf het!

Terwyl Hy in die eerste persoon gepraat het, sê Jesus Christus aan ons: “En aan hom wat **oorwin** en my werke tot die einde toe bewaar, sal Ek mag oor die nasies gee, en hy sal hulle regeer met 'n ysterstaf; soos erdegoed word hulle verbrysel, net soos Ek ook van my Vader ontvang het” (Openbaring 2:26-27). Daardie ware Christene wat Satan, die wêreld en hulleself oorwin het, sal **ontsagwekkende** verantwoordelikhede onder Jesus Christus gegee word om oor die nasies te regeer en om die jammerlike probleme van hierdie wêreld se samelewing op te los.

Sal ons direk onder Jesus Christus regeer – of het die lewende Christus alreeds 'n plan in gedagte – 'n *volledige Regeringstruktuur* wat Hy en die Vader in die Wêreld van Môre gaan gebruik?

Die profeet Abraham staan bekend as die “vader” van die gelowiges (Romeine 4:1, 11-12, 16). Hy sal saam met Isak en Jakob in senior posisies wees in Christus se toekomstige Regering – moontlik soortgelyk aan kabinetsministers of sleutelraadgewers in vandag se samelewing (Matthéüs 8:11). Ander uitstaande dienaars van God vanaf antieke tye sal ook in senior posisies wees. In een skriftuurlike **visioen** van die toekomstige Koninkryk van God (Matthéüs 17:1-9), is Moses en Elia albei as sleutelfigure in daardie toekomstige Koninkryk aangewys.

Daar is ook koning Dawid van antieke Israel, iemand wat deur God beskryf word as “'n man na my hart, wat al my wel-

behae sal **doen**” (Handelinge 13:22). Wat sal Dawid in Christus se wêreldheersende Regering doen? Baie skrifgedeeltes gee aan ons die antwoord. Soos Hosea in 'n profesie vir die **eindtyd** aan ons sê: “Want die kinders van Israel sal 'n lang tyd bly sit sonder koning en sonder vors en sonder slagoffer en sonder klippilare en sonder efod en huisgode. Daarna sal die kinders van Israel hulle bekeer en die HERE hulle God soek en Dawid hulle koning, en met siddering aankom na die HERE en na sy goedheid in die laaste van die dae” (Hoséa 3:4-5).

God sê aan ons dat nadat die tien stamme van die **huis van Israel** – saam met die Joodse volk (die stam van Juda) – almal van hulle toekomstige ballingskap teruggekeer het: “En op dié dag, spreek die HERE van die leërskare, sal Ek sy juk verbreek van jou nek af en jou stroppe stukkend ruk; en vreemdes sal hom nie meer diensbaar maak nie. Maar hulle sal die HERE hulle God dien en hulle koning Dawid wat Ek vir hulle sal verwek” (Jeremia 30:8-9). Eségiël 34:23-24 en Eségiël 37:24-25 beskryf Dawid as die toekomstige koning oor die stamme van Israel – met die Jode en Israeliete wat uiteindelik weer as *een nasie herenig* is (verse 19-22.). Daar sal nie meer “anti-Semitisme” wees wanneer al die stamme van Israel uiteindelik besef dat hulle in werklikheid broers is nie!

Die Twaalf Apostels sal direk onder koning Dawid dien en elkeen sal oor 'n individuele stam of *nasie* van Israel regeer. Jesus Self het Sy Apostels

belowe: “Voorwaar Ek sê vir julle dat julle wat My gevolg het, in die wedergeboorte wanneer die Seun van die mens op sy heerlike troon gaan sit, julle ook op twaalf **trone** sal sit en die twaalf stamme van Israel sal oordeel” (Matthéüs 19:28).

Die ware heiliges ontvang heerskappy

Indien ons ons werklik *aan God oorgee* en Christus ons in Sy toekomstige Regering gebruik, wat sal *ons* dan doen? In die geïnspireerde gelykenis van die ponde (beskrywing van 'n geldeenheid), is God se *getroue* dienaars heerskappy oor stede in die Regering van Christus gegee: “Mooi so, goeie dienskneg; omdat jy in die minste getrou gewees het, moet jy gesag hê oor tien stede” (Lukas 19:11-19).

'n Paar van die liberale geleerdes sal uitroep: “**Maar** dit was net 'n gelykenis. U dink tog sekerlik nie Jesus was besig om van werklike heerskappy oor die werklike stede hier op aarde te praat nie, of hoe?”

Ja! Ek dink beslis Hy het!

Selfs die apostel Paulus – wat **nie** in gelykenisse gepraat het nie – het verstaanbaar verduidelik dat ons *regters en heersers* oor belangrike sake sal wees (1_Korinthiërs 6:2-3)!

Vir bykans 2,000 jaar het verskeie geleerdes, monnike, biskoppe en teoloë desperaat probeer om die deurlopende leerstellings van die Skrif **af te water**, naamlik dat 'n letterlike **Regering op hierdie aarde** gevestig sal word onder die direkte heerskappy van Christus en die heiliges wat opgewek is! Die vroeë Christene het nogtans

almal hierdie geïnspireerde waarheid verstaan en geglo. Terwyl hy die oortuigings van die vroeë Kerk in sy grootse werk, *The Decline and Fall of the Roman Empire* beskryf het, skryf die bekende geskiedkundige Edward Gibbon:

“Die antieke en gewilde leerstelling van die Millennium was nou verbind met die Wederkoms van Christus. Soos die werke van die skepping in ses dae voltooi is, word hulle duur in hulle huidige staat, volgens 'n tradisie wat aan die profeet Elia toegeskryf word, op sesduisend jaar vasgestel. Deur dieselfde analogie is afgelei dat hierdie lang tydperk van arbeid en twis, wat nou byna verstreke is, opgevolg sal word deur 'n vreugdevolle Sabbat van 'n duisend jaar; en dat Christus, met die triomfantlike groep heiliges en die uitverkorenes wat die dood vrygespring het, of wat wonderbaarlik herleef het, op aarde sal regeer tot die tyd wat vasgestel is vir die laaste en algemene opstanding” (bl. 100).

Dus erken een van die heel vernaamste geskiedkundiges oor hierdie tydperk dat die oorspronklike Christene *presies* geglo het wat ons in hierdie tydskrif aan u sê! Hulle het beslis geglo dat die ware heiliges “op die aarde sal heers”.

Aangaande die eindtyd,

openbaar die Almagtige God in die boek Daniël: “Dan word die koningskap en die heerskappy en die grootheid van die koninkryke onder die ganse hemel gegee aan die volk van die heiliges van die Allerhoogste; hulle koninkryk is 'n ewige koninkryk, en al die heerskappye sal hulle vereer en gehoorsaam wees” (Daniël 7:27). Soos die apostel Petrus inderdaad gesê het, het God van Christus se toekomstige heerskappy oor die aarde en die “tye van die wederoprigting van alle dinge” gepraat deur “die mond van al sy heilige profete” (Handelinge 3:21).

Ons het ook gesien dat Christus en die Vader 'n spesifieke **Regeringstruktuur** beplan het met bepaalde verantwoordelikhede wat vir Abraham, Moses, Dawid, die Apostels en ander ware heiliges van God uiteengesit is. Ons, die **heiliges – indien** ons sal toelaat dat Christus in ons lewens heers – sal ook posisies van verantwoordelikheid gegee word om te regeer oor individuele stede of heel moontlik departemente in Christus se Regering – vanuit die nuwe wêreldhoofstad in Jerusalem. Wat 'n **opwindende** lewe het ons voor ons in Christus se toekomstige Koninkryk in die nabye toekoms!

Christus se glorieryke Koninkryk

In Sagaria 14:1-4 gee God se Woord aan ons 'n volledige beskrywing van Christus se Wederkoms en die vroeë jare van Sy Koninkryk: “Kyk, daar kom 'n dag vir die HERE; dan sal wat van jou buitgemaak is, binne-in jou verdeel word, *o Jerusalem!* Want

Ek sal al die nasies versamel om oorlog te voer teen Jerusalem; en die stad sal ingeneem en die huise geplunder en die vroue oonteer word, en die helfte van die stad sal uitgaan in ballingskap; maar die orige deel van die bevolking sal nie uit die stad uitgeroei word nie. En die HERE sal uittrek en stryd voer teen dié nasies soos op die dag van sy stryd, die dag van oorlog. En in dié dag sal sy voete staan op die Olyfberg”. Dan openbaar God in vers 9: “En die HERE sal Koning wees oor die hele aarde”. Christus en die heiliges sal dus *op die aarde wees – nie* in die hemel nie!

Direk na Christus se Wederkoms, sal Hy al die nasies *straf* wat teen Jerusalem geveg het (verse 12-13). Dan, “die **rykdom** van al die nasies rondom sal ingesamel word: goud, silwer en klere – 'n groot hoeveelheid” (vers 14). God sal die fisiese volke van Israel en Juda met ontsagwekkende **rykdom** seën wanneer hulle hulle bekeer en ná hulle nasionale ballingskap na die land van Israel teruggebring is.

Wat dan?

Wat volgende na Christus se Wederkoms gebeur, is iets waarvan die meeste “hoofstroom Christene” nog nooit gehoor het nie, want hulle het nog nooit van die Sabbat en die godsdienstige Feeste geleer wat deur God gegee is vir die **ganse** mensdom deur alle eeue heen nie. Let op: “En almal wat oorbly uit al die nasies wat teen Jerusalem aangekom het, sal jaar na jaar optrek om te aanbid voor die Koning, die HERE van die leërs, en om die huttefees te vier. En wie uit die geslagte van

die aarde nie na Jerusalem optrek om voor die Koning, die HERE van die leërskaare, te aanbid nie – hulle sal geen reën kry nie” (verse 16-17).

Die belydende Christelike nasies van die wêreld is geleer dat **God** se Sabbatte en Feeste “Joods” is en dus nie onderhou behoort te word nie. Die lewende Christus sal hierdie volke *skud* deur hulle letterlik van water te ontnem en uiteindelik **plae** oor hulle te stuur indien hulle hardnekkig weier om op te trek om “die huttefees te vier” (vers 18).

Egiptenare, Chinese, Amerikaners en andere – sal **almal** leer om al die jaarlikse Feeste van God te **onderhou**, met inbegrip van hierdie inspirerende Fees wat die duisendjarige heerskappy van Christus uitbeeld en die gevolglike groot “herfsoes” [lente in Suid-Afrika] van siele wanneer God se waarheid die aarde sal deurtrek. Sedert God die eerste keer hierdie Feeste aan antieke Israel gegee het, was hierdie herfsfees die “fees van die insameling” genoem (Exodus 23:16). Jesus en die Apostels het hierdie Fees en *al* God se Feeste onderhou (Johannes 7:1-14), wat Sy groot plan uitbeeld. God sal die hele wêreld binnekort leer om dit te onderhou. Skryf gerus om ons baie insiggewende boekie, *Die Heilige Dae: God se meesterplan*, te ontvang indien u meer oor hierdie belangrike onderwerp wil leer.

Dit mag dalk nou moeilik wees om die *opwinding* en die **vreugde** vir ons van ontelbare

mense van regoor die wêreld voor te stel wat na Jerusalem sal kom om die Heilige Dae te **onderhou**. Hulle sal weet dat Christus die Koning letterlik in *Persoon daar sal wees* – nie net in Gees nie. Hulle sal optrek om hulle in God se seëninge te verheug in die Wêreld van Môre en om die Koning van die konings te aanbid!

God is die outeur van skoonheid en van alle goeie musiek. Hy het koning Dawid en koning Salomo en andere gelei om wonderlike kore tydens spesiale geleenthede te organiseer om God met koorsang te loof (1 Kronieke 15:16; 2 Kronieke 5:12-13). Kan u uself die ongelooflike musiek voorstel wat die Feeste van God en die aanbidding van die lewende Christus in Jerusalem sal vergesel? Kan u uself die pragtige optogte van hooggeplaastes indink, asook die van manne en vroue uit alle vlakke van die lewe wat die Heilige Stad sal instroom – **opgewonde** oor die geleentheid om hulle Skepper te sien en direk te kan aanbid? Baie mense sal pragtige geskenke vir Christus, die Koning bring. Byna almal sal kosbare items bring waarmee hulle die **Here van die Leërskaare** sal aanbid wat in *Persoon* op Sy troon in Jerusalem sal sit!

Aangesien Jesus Christus “gister en vandag dieselfde [is] en tot in ewigheid” (Hebreërs 13:8), sal daar ongetwyfeld baie sulke geleenthede tydens Sy duisendjarige heerskappy wees, soos die een wat hier aangehaal word. Die skare sangers en musikante was besig om in

perfekte harmonie te sing, God te prys en te aanbid, toe “die huis van die HERE vervul [word] met 'n wolk. En die priesters kon vanweë die wolk nie staan om diens te doen nie, want die **heerlikheid** van die HERE het die huis van God gevul” (2 Kronieke 5:14)!

Gehoorzaamheid bring seëninge

Die profeet Jesaja sê aan ons: “En aan die einde van die dae sal die berg van die huis van die HERE vasstaan op die top van die berge en verhewe wees bo die heuwels, en al die nasies sal daarheen toestroom. En baie volke sal heengaan en sê: Kom laat ons optrek na die berg van die HERE, na die huis van die God van Jakob, dat Hy ons sy weë kan leer en ons in sy paaie kan wandel. Want uit Sion sal die **wet** uitgaan en die woord van die HERE uit Jerusalem” (Jesaja 2:2-3).

God se groot geestelike **Wet** – die Tien Gebooie – sal die grondslag wees vir Christus se heerskappy in die Wêreld van Môre. Deur die onderrig en leiding van Christus en Sy opgestane heiliges, sal die hele wêreld leer **hoe** om God lief te hê en te aanbid en *hoe* om werklik ons naaste lief te hê en vir hulle om te gee. God se Woord beskryf daardie tyd: “Hulle sal geen kwaad doen of verderf aanrig op my hele heilige berg nie; want die aarde sal vol wees van die kennis van die HERE soos die waters die seebodem oordek” (Jesaja 11:9).

Jesaja beskryf wat sal gebeur wanneer duisende

Oorwinning oor die dood!

Deur Richard F. Ames

Ons treur oor die dood van geliefdes. Duisende jong manne en vroue het hulle lewens tydens militêre diens verloor, sommige selfs voordat hulle die ouderdom van 20 bereik het. Andere was die slagoffers van ongelukke of siektes. Wanneer ons treur, is een van die lewende se grootste raaisels die vraag: "Wat sal gebeur wanneer ons sterf?"

Gedurende die afgelope jare het ateïste en niegelowiges die Bybel en die werklikheid van God Self aangeval. Een so 'n skrywer noem die lewende na die dood 'n "illusie". In sy artikel met die titel "*Hope, Despair, Dread, and Religion*", beweer die skrywer Ronald A. Lindsay dat "godsdiens beloftes van onsterflikheid, slegs 'n valse hoop bied" (*Free Inquiry*, April-Mei 2010, bl. 12).

Lindsay gaan voort om hierdie treurige bekentenis te maak: "Ons kan nie die finaliteit van die dood, of ander onherstelbare verliese wegwens nie. Nog minder kan ons aanvaarbare antwoorde aan diegene verskaf wat wensvervulling vereis. Indien ons verstaan dat die begrippe dat godsdiens en geloof in die onsterflikheid illusies is, kan ons die versoeking om aan wensvervulling toe te gee, in tye van 'n krisis weerstaan. Met ons oë stewig op die feite van die werklikheid gevestig kan ons waardeer wat die lewende kan en nie

kan bied nie" (*ibid.*).

Soos vir Lindsay en baie ander ateïste, is die enigste "hoop", 'n soort wanhopige aanvaarding van die hartseer en leë toekoms. Is dit dan regtig wat op ons wag, of sal daar 'n tyd van beloning en straf wees, wanneer "goeie mense" na die hemel toe gaan en slegte mense vir ewig in die hel sal brand?

Die goeie nuus is dat die ware Gewer van lewende, die Skepper-God, 'n glorieryke plan vir alle mense het wat die erfenis van die aarde en die heelal insluit. Ons Vader in die hemel het aan ons ongelooflike bewyse gegee dat ons die grootste vyand van alles, naamlik die vyand van die dood, sal kan oorwin. U kan daardie oorwinning verkry!

Is daar hoop vir die afgestorwenes

Oor die afgelope duisende jare, het miljoene der miljoene mense geleef en gesterf. Was hulle lewens van geen waarde nie? Ons het almal geliefdes aan die dood afgestaan, sommige op 'n baie jong ouderdom en ander het lank geleef. Sommiges het as praktiserende sondaars gesterf en vir hulle dade en gedrag geboet. Andere was slagoffers van ongelukke. Miljoene mense het in die honderde oorloë oor die hele wêreld heen oor die afgelope paar duisend jaar gesterf. Miljoene mense het hulle lewens in die slagting van die

Jode deur die Nazi's en in ander volksmoord-gruwels verloor. Is daar hoop vir hierdie miljoene mense van wie baie nog nooit tot Christelikheid bekeer is nie?

Die antwoord is: "Ja!" Daar is hoop in die toekoms vir die miljoene der miljoene mense wat gesterf het sonder enige geleentheid vir redding. God openbaar dat daar 'n opstanding uit die dood sal wees vir diegene wat vir die waarheid verblind was. Daardie opstanding sal ná die Millennium plaasvind en word Die Wit Troon Oordeel genoem soos dit in Openbaring 20 beskryf word. Die Bybel beskryf die dood as 'n "vyand". God sal egter 'n groot oorwinning oor die dood gee aan al die mense wat al ooit geleef het om hulleself in die toekoms te bekeer en gedoop te word in die Naam van Jesus Christus, soos die apostel Petrus dit in Handeling 2:38 duidelik maak. Die apostel Paulus beskryf die uiteindelijke groot oorwinning oor die dood in 1 Korinthiërs 15:54-57: "En wanneer hierdie verganklike met onverganklike beklee is en hierdie sterflike met onsterflikheid beklee is, dan sal vervul word die woord wat geskrywe is: Die dood is verslind in die oorwinning. Dood, waar is jou angel? Doderyk, waar is jou oorwinning? Die angel van die dood is die sonde, en die krag van die sonde is die wet. Maar God sy dank, wat ons die oorwinning gee deur onse Here

Jesus Christus.”

U **kan** die dood oorwin in die groot opstanding. U Bybel gee die inspirerende hoop vir die toekoms.

Daar is hoop vir die duisende rampslagoffers wie se lewens kortgeknip is. Daar is hoop vir u afgestorwe geliefdes.

Wat gebeur wanneer u sterf? Baie wetenskaplikes, ateïste en niegelowiges glo dat die lewe permanent by die dood eindig. Aan die ander kant, glo baie godsdienstige mense dat wanneer die liggaam sterf, die siel direk na die hemel of die hel gaan. Kan u uself die valse leer voorstel dat miljoene mense wat nog nooit die naam van Jesus Christus gehoor het nie, nou in die hel brand? Is God so onregverdig? Natuurlik nie! Handeling 4:12 verklaar dat slegs deur middel van die Verlosser, die Messias, Jesus Christus enige iemand gered kan word, “want daar is ook geen ander naam onder die hemel wat onder die mense gegee is, waardeur ons gered moet word nie.”

Terwyl miljoene mense deur die geskiedenis heen nog nooit eers die ware Evangelie gehoor het nie, hoe kon hulle dan 'n geleentheid tot redding gehad het? Het God 'n plan vir hulle? Sommige godsdienste onderrig verkeerdelik dat die oorgrote meerderheid van hulle in die hel gemartel word, selfs vandag nog. Is dít wat u Bybel onderrig? Wat is die waarheid?

Hoop en die opstanding

Wat openbaar die Bybel oor die

lewe na die dood vir die menslike wese? Die apostel Paulus was per geleentheid deur die Jerusalem Sanhedrin geoordeel en ondersoek. Paulus het die opstanding uit die dood die belangrike kwessie gemaak. Hy het met die vergadering van beide Fariseërs en Sadduseërs gepraat: “En omdat Paulus geweet het dat die een deel uit Fariseërs bestaan, het hy in die Raad uitgeroep: Broeders, ek is 'n Fariseër, die seun van 'n Fariseër. Oor die **hoop** en die **opstanding** van die dode staan ek voor die gereg” (Handelinge 23:6).

Het Paulus gesê dat hy hemel toe gaan wanneer hy sterf? Absoluut nie! Paulus het uitgesien na die **opstanding uit die dood** met Christus se Wederkoms! Lees dit in u eie Bybel! In die boek Filippense skryf die apostel Paulus van sy geloof in Christus en Sy toekomstige doel met die opstanding. Paulus het sterk begeer “sodat ek Hom kan ken en die krag van sy opstanding en die gemeenskap aan sy lyde terwyl ek aan sy dood gelykvormig word, of ek miskien die opstanding uit die dode kan bereik” (Filippense 3:10-11).

U Bybel leer ons dat die afgestorwenes tot met die opstanding dood bly. Die dood is 'n vyand, maar God sal ons 'n groot oorwinning oor die dood gee, indien ons aan Hom getrou is deur Jesus Christus. Baie belydende Christene neem aan dat wanneer 'n persoon te sterwe kom, hulle dadelik na die

hemel, die hel, of die vagevuur gaan, maar is dit wat Jesus Self vir ons leer? Onthou die wonderbaarlike opwekking van Jesus se vriend Lasarus? Het Lasarus na die hemel gegaan nadat hy gesterf het? Lasarus was vir vier dae in die graf en Jesus het hom na die lewe teruggebring! Jesus het Lasarus uit die dood opgewek om sy natuurlike, fisiese lewe voort te sit! Ons Verlosser het verkondig: “Ek is die opstanding en die lewe; wie in My glo, sal lewe al het hy ook gesterwe; en elkeen wat lewe en in My glo, sal nooit sterwe tot in ewigheid nie” (Johannes 11:25-26).

Glo ons werklik Sy woorde? Lasarus was dood. Het Lasarus na die glorie van die hemel gegaan, net sodat Jesus hom in 'n fisiese liggaam kon terugdwing deur hom op te wek? Natuurlik nie! Lasarus het nie na die hemel of na 'n brandende hel gegaan toe hy gesterf het nie. Lasarus het eenvoudig gesterf en het geen bewussyn gehad nie! Jesus sê baie duidelik: “Lasarus ... **slaap** ... Lasarus is **dood**” (Johannes 11:11, 14).

Lasarus was vir vier dae in die graf voordat Jesus hom na 'n natuurlike, fisiese lewe teruggebring het. Die opstanding van die gestorwe getroue Christene sal egter tot 'n ewige, **onsterflike** lewe wees. Dit sal met Christus se Wederkoms plaasvind: “Want die Here self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met die geklank van die basuin van God; en die wat in Christus **gesterf** het, sal

eerste opstaan.” (1 Thessaloniense 4:16).

Onsterflikheid is 'n geskenk!

Die opstanding is die Christen se hoop. Indien 'n persoon na sy afsterwe reeds na die hemel gaan, sal daar **geen nodigheid** vir 'n opstanding wees nie. Mense word nie **met** onsterflikheid of die ewige lewe **gebore** nie. Glo dit of nie, die Bybel leer ons dat 'n siel kan sterf. Die siel is nie onsterflik nie! Lees dit vir uself: “Die siel wat sondig, dié moet sterwe” (Eségiël 18:4). Die Hebreeuse woord vir “siel” is *nephesh*, wat 'n fisiese of natuurlike lewe aandui. Ons leer eerder dat onsterflikheid met die opstanding begin, want “hierdie **verganklike** moet met onverganklikheid beklee word” (1 Korinthiërs 15:53).

Ja, u en ek is nou sterflik, maar getroue Christene sal die **gawe** van onsterflikheid tydens die opstanding ontvang! Hierdie opstanding van getroue Christene word ook in Openbaring 20:4 vermeld: “... en hulle het geleef en as konings geregeer saam met Christus die duisend jaar lank.” Let op die volgende vers, wat toon dat daar 'n **tweede** algemene opstanding sal wees: “En die **ander dode** het nie herlewe totdat die duisend jaar voleindig was nie” (vers 5).

Wie sal in daardie tweede algemene opstanding wees? Dit kan van u vriende of familie insluit wat u gedink het vir ewig verlore is. Is dit vir u moeilik om te glo? Vra uself net af – wat sal met al daardie miljoene mense

gebeur wat nie in die eerste opstanding sal wees nie? Dink aan die geskiedenis van die wêreld. In die afgelope sesduisend jaar het miljoene mense regoor die wêreld heen geleef en gesterf. Die oorgrote meerderheid het nog nooit eers die naam van die Messias, Jesus Christus, gehoor nie. Die apostel Petrus het tog duidelik gesê: “En die saligheid is in niemand anders nie, want daar is ook geen ander naam onder die hemel wat onder die mense gegee is waardeur ons gered moet word nie” (Handelinge 4:12). Wat sal dus met die miljard mense gebeur wat nog nooit eers Sy naam gehoor het nie?

Die profeet Eségiël het 'n visioen gehad wat beskryf word as die Vallei van Dor Bene. U kan dit self in Esegïël 37 lees. Dit beskryf wat tydens die tweede opstanding sal plaasvind. Miljoene mense sal tot fisiese lewe opgewek word. Die Boek van die Lewe sal vir hulle oopgemaak word en hulle sal hulle **eerste** geleentheid hê om die waarheid oor Jesus Christus en Sy offer van verlossing te leer. Dit is nie 'n “tweede kans” soos sommige mense wil glo nie. Inteendeel, dit sal die eerste geleentheid vir miljoene, der miljoene mense wees om hulle sondes in te sien, hulle van daardie sondes te bekeer, Jesus Christus as Verlosser te aanvaar en volgens Sy lewenswyse te leef. Dit is God se doel om aan elkeen wat nog ooit geleef het 'n ware, regverdige geleentheid te gee om vir ewig deel van Sy Godgesin te word. Hy maak

daardie doel duidelik: “Die Here verdraag nie die belofte soos sommige dit verdragings ag nie, maar Hy is lankmoedig oor ons en wil nie hê dat sommige moet vergaan nie, maar dat **almal** tot bekering moet kom” (2 Petrus 3:9).

Ons behoort te bestudeer wat die Bybel ons so duidelik leer. Is miljoene mense wat nog nooit die Naam van ons Verlosser gehoor het nie vir ewig verlore? Is God só onregverdig? Regdeur die geskiedenis van die wêreld was daar miljoene mense wat nog nooit die werklike leerstelsels van die Messias, Jesus Christus, gehoor het nie. Is God so onregverdig om hulle te veroordeel om vir ewig in die helvuur te ly? Natuurlik nie! Die “ander dode” wat in Openbaring 20:5 gemeld word, sal in die tweede algemene opstanding wees. Hulle sal die oordeel in die gesig staar. Dit sal egter 'n oordeel wees waarin hulle 'n geleentheid sal hê om hulle te bekeer en gedoop te word. Dit mag 'n paar van u vriende en familieledede insluit.

Drie opstandings

Daar is drie algemene opstandings. Die eerste algemene opstanding uit die dood is die opstanding waarin Christene van hierdie huidige tydperk die ewige lewe gegee sal word as lede van die Godgesin. Die tweede algemene opstanding uit die dood sal plaasvind ná die Millennium, aan die begin van wat die Wit Troon Oordeel genoem word (Openbaring 20:12), wanneer die miljoene

sogenaamde “ongeredde” mense hulle enigste ware geleentheid sal kry om God se weë te leer en geoordeel te word. Soos die Skrif vir ons sê: “En net soos die mense bestem is om een maal te sterwe en daarna die oordeel” (Hebreërs 9:27).

Ongelukkig sal sommige mense God se genade en verlossing verwerp. Hulle sal weier om hulle van hulle sondes te bekeer en sal die opoffering van Jesus Christus verwerp. God sal hierdie verharde goddelose mense in die poel van vuur vernietig. Die derde algemene opstanding sal uit hierdie opstandige sondaars bestaan wat gestraf sal word deur die ewige dood in die poel van vuur te ontvang. Hoewel God genadig is, is Hy ook regverdig. Ons lees: “My kom die wraak toe, Ek sal vergelde, spreek die Here” (Hebreërs 10:30). Diegene wat verlossing verwerp sal gefolter word wanneer hulle voor die poel van vuur staan, dan sal hulle en al die ander goddelose siele in die poel van vuur gewerp word en verbrand, soos dit aan ons vertel word in Openbaring 21:8.

Hulle sal nie meer lewe nie. Dit is die **tweede dood**, waarvandaan daar geen opstanding is nie. Soos ons lees: “Want die loon van die sonde is die dood, maar die genadegawe van God is die ewige lewe in Christus Jesus, onse Here” (Romeine 6:23).

Ja, getroue Christene kan oorwinning oor die dood verkry. Maak seker dat u in u Bybel die hoofstukke oor die opstanding lees: 1 Korinthiërs 15 en 1 Thessalonicense 4. Ons behoort almal vir die Wederkoms van die Messias, Jesus Christus voor te berei. Ons behoort uit te sien na die opstanding van getroue Christene met Christus se Wederkoms wanneer die laaste basuin sal weerklink. Soos ons in 1 Korinthiërs 15:52 lees: “... want die basuin sal weerklink, en die dode sal onverganklik opgewek word; en ons sal verander word.”

Geen illusie!

Nee, die lewe na die dood is nie 'n “illusie” soos ateïste sal sê nie. Toe die ongelowige Thomas sy hand in die spieswond van Christus ná Sy opstanding geplaas het, was dit nie 'n illusie

nie (Johannes 20:24-28). Die vyfhonderd getuies wat van Christus se opstanding getuig het was onder geen illusie nie (1 Korinthiërs 15:5-6).

Waarlikwaar, God het 'n ontsagwekkende plan vir die ganse mensdom. Daar is hoop vir die miljoene afgestorwe mense regoor die wêreld wat nog nooit 'n ware geleentheid tot redding gehad het nie. Ja, daar is 'n wonderlike hoop vir die slagoffers van volksmoorde en vir die miljoene, der miljoene geestelik verblinde mense. Daardie hoop is die tweede algemene opstanding in die Wit Troon Oordeel waarvan ons in Openbaring 20:11 lees. Met betrekking tot vandag se Christene, behoort ons te bid soos Jesus ons geleer het: “... laat U koninkryk kom”! Sien uit na die Wederkoms van die Messias, Jesus Christus en ons groot oorwinning oor die dood! Laat ons almal in staat wees om te sê: “God sy dank, wat ons die oorwinning gee deur onse Here Jesus Christus” (1 Korinthiërs 15:57). **WV**

Vervolg vanaf bladsy 9 – Die antwoord

Israëliete van slawerny af teruggebring word en selfs baie van hulle kinders aan hulle terugbesorg word: “Slaan jou oë rondom op en kyk – hulle almal kom bymekaar, hulle kom na jou toe; jou seuns kom van ver, en jou dogters word op die heup gedra. Dan sal jy dit sien en straal van **vreugde**, en jou

hart sal ontroer en verruim word; want die rykdom van die see gaan na jou toe oor, die skatte van die nasies kom na jou toe aan” (Jesaja 60:4-5).

Let op die fisiese seëninge wat op die herversamelde Israel en Juda uitgestort sal word: “Ja, op My wag die eilande, en die skepe van Tarsis kom vooraan,

om jou seuns van ver te bring. Hul silwer en hul goud is by hulle, vir die Naam van die HERE jou God en vir die Heilige van Israel, omdat Hy jou heerlik gemaak het. En uitlanders sal jou mure bou, en hulle konings sal jou dien; want in my toorn het Ek jou geslaan, maar in my welbehag het Ek My oor jou

Vervolg op bladsy 26

Europese migrasie: Krisis en gevolge

Deur John Meakin

“Binnekort sal Europa meer fisiese versperrings op sy nasionale grense hê as gedurende die Koue Oorlog. Regerings het gedurende 2015 regoor die kontinent grensmure en veiligheidsheiningse beplan en operig tydens die voortslepende vlugtelingkrisis wat gepaard gegaan het met die Oekraïense konflik met Rusland ... Sedert die val van die Berlynse Muur het meer as 40 lande regoor die wêreld heinings tussen hulle en meer as 60 van hulle bure operig. Die meerderheid het besorgdheid oor veiligheid en die voorkoming van onwettige migrasie as regverdiging aangehaal”.

*“Meer bure – meer heinings”,
The Economist, 7 Januarie 2016*

'n Buitengewoon moderne verskynsel van ontstellende en gruwelike beelde gaan voort om ons TV-skerm te oorheers en te spook in ons gedagtes: Die massa-migrasie van honderde duisende desperate mense uit oorloggeteisterde Moslemnasies wat hulle weg na Europa forseer – 'n immigrasie wat geen teken van einde toon nie.

Klein opblaas rubberbote, wat onbestendig tot oorlopens toe met migrante volgepak is, flous die dood om die Middellandse See en Egeïese See oor te steek; 'n menigte gefrustreerde en honger mense, woedend oor amptenare se pogings om hulle te beheer en te beperk; kronkelende rye van migrante wat vasberade langs paaie en voetpaadjies voortploeter, oor velde en langs treinspore; gefnuikte migrante wat woedend is omdat lemmetjiesdraadheining hulle toegang na vryheid blokkeer; die emosionele verligting van bekommerde vaders en geweldig angstige moeders om saam met hulle kosbare kinders eindelijk op veilige grond te wees.

Wie kan April 2015 vergeet, toe vyf bote wat byna 2,000 migrante vervoer het, naby Lampedusa ('n Italiaanse eiland suidwes van Sicilië) gesink het, waartydens 1,200 mense verdrink het; of 27 Augustus 2015 toe 'n verlate en onwelriekende vragmotor op 'n snelweg in Oostenryk gevind is met 71 gestorwe migrante, waaronder 'n paar kinders; of die hartverskeurende foto in September 2015 van die lewelose liggaam van klein *Alan Kurdi*, die 3-jarige Siriese seuntjie wat op die strand van die Middellandse See naby Bodrum in Turkye, uitgespoel het?

Byna 4,000 mense het gedurende 2015 tragies verdrink in hulle stryd om Europa te bereik. Mense-smokkelaars en georganiseerde misdaad het 'n belangrike rol gespeel in hierdie winsgewende, onwettige verskuiwing van mense, met weinig agting vir veiligheid. Hulle hou nogtans aan om in 'n meedoënlose, oënskynlik onstuitbare vloedgolf van mense na Europa te gaan.

In 2015 het meer as 'n

miljoen mense deur onwettige roetes gegaan, hoofsaaklik deur die EU lidlande soos Griekeland, Bulgarye en Italië (met 'n paar wat deur Spanje, Malta en Cyprus gegaan het). In Januarie 2015 het die stroom (50,000 vir die maand) geen teken van enige afname getoon nie, selfs toe die weer versleg het, het temperature gedaal, mense het siek geword en baie ander mense het tragies verdrink. Die VN het voorspel dat nog 'n miljoen mense waarskynlik in 2016 sou arriveer, terwyl die EU Kommissie beweer het dat dit soveel as 3 miljoen meer kon wees.

Dit is dus nie 'n verrassing dat die media 2015 die “Jaar van die immigrant” genoem het nie, namate 'n uittog van werklike Bybelse afmetings voortgegaan het om wêreldnuus te oorheers. Immigrasie na Europa het 'n werklike tsoenami geword, namate desperate mense daarop ingestel was om aan die gewelddadigheid en ontberings in hulle geboortelande te ontsnap, wat na 'n beter lewe vir hulleself en vir hulle gesinne op soek was.

Hierdie massa immigrasie het Europa se **bepalende politieke uitdaging** geword en skep erge spanning, groot politieke verdeeldheid en 'n aanhoudende gekibbel oor die beste manier om op te tree en hoe om die krisis op te los. Dit is te verstane dat belangrike vrae na vore sal kom. Waarom het hierdie groot immigrasie gebeur en wat is die oorsaak daarvan? Op watter maniere sal die impak daarvan Europa verander? Kan ons hierdie buitengewone verplasing van mense in 'n wyer Bybelse konteks plaas? Dit is die vrae wat ons in die res van hierdie artikel sal ondersoek.

Anatomie van 'n moderne uitog

Daar was nog altyd 'n gesonde vlak van wettige en beheerde immigrasie na die nasies van Europa, maar die huidige immigrasie is heeltemal anders en omseil normale immigrasie-prosedures. Dit bestaan geheel en al uit onreëlmatige, "onwet-tige" migrante wat arriveer met die desperate hoop dat hulle nie weggevoer sal word nie. Dit is deel van 'n deurlopende en verergerende krisis – gedeeltelik *werklike vlugteling* wat vir hulle lewens vlug en gedeeltelik *ekonomiese emigrante* wat op soek is na 'n beter lewe.

Tussen 2007 en 2011 het groot getalle onwettige migrante uit die Midde-Ooste, Afrika en Suid-Asië probeer om Europa via Turkye en Griekeland te bereik, maar die konstruksie van 'n grensdraad tussen die twee lande het die deur vir daardie

roete effektief gesluit. Bootreise het daarna die standaard vir vlugteling geword wat desperaat gehoop het op 'n veiliger, vreedsaamer en meer welvarende lewe elders. Die nadraai van die Libiese Rewolusie in 2011 in die besonder, het 'n merkbare toename in migrerende verkeer vanaf die Libiese kus oor die Middellandse See na Italië gegeneer – 'n roete wat as die dodelikste in die wêreld beskou word.

Na 'n noemenswaardige migrante skipbreuk in 2013 naby Lampedusa, wat tot meer as 360 migrante-sterftes gelei het, het die Italiaanse regering 'n grootskaalse vloot-operasie vir soek en redding gestig. Nadat hierdie operasie beskikbare Italiaanse fondse uitgeput het, het die EU grensagentskap *Frontex* die taak oorgeneem. Nietemin, albei bedrywighede was deur 'n gebrek aan fondse in die wiede gery, aangesien sommige EU lidlande beswaar gemaak het op grond van vrese dat hierdie operasie nog meer mense sal aanmoedig om die gevaarlike tog te onderneem en tot meer tragiese en onnodige sterftes sal lei. In 2015 het die EU besluit om 'n nuwe grensbeheer-operasie vir die Middellandse See te loods ten einde meer doeltreffend met die probleem te handel.

Ten spyte daarvan en ten spyte van die groot vermindering van Mediterreense verkeer uit Noord-Afrika, toe beter maniere gevind is om Europa te bereik, het algehele getalle van migran-

te toegeneem en voortgeduur. Die huidige voorkeur-roete is per boot deur Turkye na Griekeland en daarvandaan oor land na die suidooste van Europa. Vir baie mense is Duitsland die voorkeur bestemming, veral nadat kanselier Angela Merkel verklaar het dat haar land 'n effektiewe oop deur beleid sal handhaaf en elkeen sal aanvaar wat wou kom. Dit is dus nie verbasend dat die vloei van migrante dramaties toegeneem het nadat die nuus versprei het; aangesien dit 'n eenmaal in-'n-leeftyd geleentheid verteenwoordig vir 'n nuwe begin en 'n meer welvarende toekoms.

Om 'n akkurate begrip van die getalle te kry kan verwarrend en uitdagend wees aangesien die krisis vinnig en aan die beweeg bly, maar die jongste syfers ten tye van die skryf van hierdie artikel beweer dat 821,000 migrante in 2015 deur Griekeland aangekom het, byna almal per boot. 'n Verdere 150,000 het ook per boot in Italië aangeland, terwyl meer as 30,000 oor land uit Turkye via Bulgarye gereis het. Hierdie mense het hoofsaaklik van oorloggeteisterde, mislukte samelewings gekom waar bevoegde en eenstemmige regerings in duie gestort het. Dit is deur bomme en koeëls vervang waar haat en vyandskap op 'n epiese skaal floreer.

Onderliggende oorsaak

Die vordering van die sogenaamde *Arabiesse Lente* dwarsoor Noord-Afrika, wat in Desember 2010 in Tunisië begin

het, daarna deur Libië, Egipte, Jemen, die Golf State en dan tot in Sirië versprei het, het tot uitgebreide interne konflik en in sommige gevalle tot die ineenstorting van regerings in elkeen van hierdie lande gelei. Wat as 'n protes teen armoede en stygende voedselpryse in Algerië teen die outokratiese bewind in Libië begin het, (wat tot die ondergang van kolonel Ghaddafi gelei het) en in Egipte met die uitsetting van president Hosni Mubarak in 2011, het vinnig 'n stryd vir die Islamitiese siel geword en het 'n reeks krisisse regdeur hierdie nasies veroorsaak.

Die voortgesette ineenstorting in Afghanistan en Irak, sowel as Afrika-konflikte in Somalië, Soedan, Eritrea en Nigerië, het ook tot die migrasiesituasie bygedra. Die gebeure in Sirië het nietemin die grootste aantal migrante ontketen.

Wat as 'n *siviele opstand* in 2011 begin het, het vinnig 'n *gewapende opstand* geword en daarna in 'n volskaalse *burgeroorlog* ontaard. In 2013 het Islamitiese Djihad groepe die ekstremitiese Sunni Moslem Staat (IS) gevorm en 'n Islamitiese kalifaat in die noorde van Sirië gevestig wat tot in Irak strek. Dit het grootliks tot die geweld, onderdrukking en die vrees van die mense bygedra. In 2015 het algehele geweld toegeneem nadat Turkye by die lugaanvalle teen Assad aangesluit het en Rusland met lugaanvalle ingegryp het om Assad teen IS sowel as die groeiende Vrye Siriese Weermag koalisie

te ondersteun. Wat as 'n groot V.S.-geleide militêre koalisie van lug-bombardement in Irak begin het, het gou uitgebrei om Sirië in te sluit in 'n poging om die barbaarse Islamitiese Staat kalifaat in Sirië en Irak te verswak en te vernietig en dus die nodigheid vermy om grondtroepe te betrek.

Teen die einde van 2015 het sowat 250,000 Siriërs in die oorlog gesterf. Volgens sommige skattings, is tot soveel as 9 miljoen Siriërs uit hulle huise verskuif, 4 miljoen mense het die land verlaat – 2 miljoen mense is na Turkye; meer as 'n miljoen mense na Libanon en 630,000 mense is in Jordanië se vlugtelingskampe. Dit is as gevolg van hierdie katastrofiese werklikheid dat mense na Europa vlug om 'n nuwe lewe te begin.

Impak op die Europese Unie

Dit alles het die potensiaal om Europa in baie opsigte te verander, sommige is voor die hand liggend en ander is moeiliker om te voorspel. Dit is egter duidelik dat die migrante-krisis die **voortbestaan** van die EU in sy huidige vorm **bedreig**.

As gevolg van kanselier Merkel se barmhartige voorbeeld, word Duitsland nou as meer simpatiek, meer verwelkomend, met meer selfvertroue en sterker gesien en dit het 'n positiewe uitwerking op ander EU lande. Positief of nie, die druk op behuising, maatskaplike dienste, onderwys en die beskikbaarheid van arbeidsgeleenthede is egter sigbaar en

sal net baie erger word. Die krisis lok toenemende vlakke van kritiek uit omdat daar té sag met migrante gewerk word. Kanselier Merkel speel met vuur en moes haar beleid strenger aanpas. Indien dinge nog meer versleg, wat moontlik kan gebeur, kan die Duitse kiesers dalk teen haar draai.

Die EU en Duitsland sal die vloei van migrante drasties moet verminder voordat die EU uitmekaar skeur. Aanvanklik is *alle Siriese migrante outomaties as vlugtelinge geklassifiseer wat verdien om asiel toegestaan te word*, maar dit kan heel moontlik verander namate Europese nasies reageer aangesien hulle oorweldig word deur die groot getalle vlugtelinge. *Baie strenger en vinniger beleidsrigtings* word voorgestel om migrante te registreer, te sorteer, te vestig en maatskaplike voordele in te perk. “Ekonomiese” emigrante wat op soek is na groter rykdom eerder as toevlug, veral diegene wat uit meestal vreedsame gebiede kom, word al hoe meer vlugtelingsstatus geweier en elders heen gestuur. Migrante wat die wet verontagsaam, soos honderde op Oujaarsaand 2015 gedoen het, met roof en seksuele aanvalle in verskeie Duitse stede, sal nie geduld word nie.

Ons sien veel strenger maatreëls word geïmplementeer om die *eksterne grense van die EU te versterk*. Indien die byna onaantasbare vrye beweging van mense dwarsdeur Europa behoue bly (naamlik die *Schengen-ooreenkoms* van 'n

paspoortvrye, grenslose gebied wat deur 26 Europese nasies gedeel word), dan moet daar veilige eksterne grense wees. Indien grense nie veilig gehou kan word nie, sal migrante voortgaan om in te stroom en nasionale stabiliteit bedreig wat daartoe kan lei dat die EU self uitmekaar skeur. Ons het reeds 'n *tydelike* opskorting van die Schengen-ooreenkoms gesien, met nasionale grensdrade wat opgerig is en strenger nasionale grensbeheer wat ingestel is. Brittanje ('n eiland en nie lid van Schengen nie), het byvoorbeeld migrante wat uit Frankryk via Calais en die *Eurotonnel* kom, byna heeltemal geblokkeer, terwyl hulle migrante direk uit vlugtelingskampe in en rondom Sirië verkies.

Die EU wil 'n *gesentraliseerde migrante kwotastelsel* instel, waarvolgens die aantal migrante meer regverdig tussen lidlande verdeel word, maar dit het baie teenkants ontvang. Hoe die EU hierdie netelige kwessie gaan hanteer sal bepaal of die EU in sy huidige vorm sal oorleef of nie. Die uitdaging om die *migrantekrisis* onpartydig te *finansier*, is nog 'n netelige kwessie, met reaksies van die lidlande wat hemelsbreed van mekaar verskil.

Die meeste migrante wat die EU binnegaan is Moslems. Die byvoeging van potensieel *1 tot 3 miljoen meer Moslems in die gebied van die EU hou enorme politieke-, maatskaplike- en veiligheidsgevolge in*. Die meeste Moslems is natuurlik wetsgehoorsaam en verant-

woordelike mense, wat hard werk en goeie landsburgers uitmaak. Selfs dan sal dit hulle 'n tyd neem om te verwerk en by die lewe in die EU aan te pas. Daar mag egter 'n klein minderheid wees met meer uiterste sienings. 'n Groot les van die verskriklike gruweldaad in Parys was dat sommige terroriste, wat as migrante vermom was, Europa binnegegaan het. *Is Europa onwetend besig om die vure van toekomstige terroriste gruweldade te stook?* Hierdie moontlikheid hou sonder twyfel 'n paar amptenare deur die nag wakker en sal die uiterste waaksaamheid vereis.

Nog 'n dringende politieke prioriteit is *hoe die EU die fundamentele probleme in die migrante se tuislande gaan aanspreek*, wat die migrasiekrisis in die eerste plek ontketen het. Dit vereis enorme insig, gesonde denke en mag aansienlike ekonomiese en selfs militêre bystand betrek waar benodig word. U kan verwag om meer EU asook Duitse inisiatiewe in die maande wat voorlê in hierdie gebied te sien.

In sy September 2015 Staat van die Unie Toespraak het die EU Kommissie se president, Jean-Claude Juncker, versierende en omvattende kommentaar oor die *toekomstige rigting en prestasie van die EU* gelewer. Hy het vir meer politiek, meer Europa en meer Unie gevra. Hy het vir baie meer hervormings, vinniger vordering op baie fronte en beter bestuur gevra – veral van die migrante-

krisis. Maatreëls vir 'n sterker enkele geldeenheid, 'n meer mededingende ekonomie, 'n sterker teenwoordigheid in die wêreld en 'n regverdig bedeling vir die Verenigde Koninkryk, was almal uitgelig. Wat wyd verwag, maar tot 2017 geheim gehou is, is die tot nog toe min gepubliseerde EU planne vir 'n belangrike verdragsvoorsiening wat omskrywend is van 'n **binnekern van nasies** wat gelukkig is met die idee van 'n federale Europa en 'n buitekring van nasies met 'n ongebonde ooreenkoms. Europa is besig om vinnig te verander en die migrantekrisis het as 'n belangrike katalisator vir so 'n verandering begin dien.

Die Verenigde Koninkryk wat uiters sensitief is oor die kwessie van migrasie, het teen die middel van 2016 'n referendum gehou om te bepaal of hulle sal voortgaan as deel van die EU. Brittanje se uittrede het 'n enorme impak op die EU gehad sowel as op die Verenigde Koninkryk self. 'n Britse uittrede (ook "Brexit" genoem) sal waarskynlik die Skotse Nasionalistiese oproep verskerp om die Verenigde Koninkryk te verlaat en dan alleen binne die EU te bly.

Onder hierdie omstandighede word die voortbestaan van die EU in sy huidige vorm **uit verskeie oorde** bedreig. 'n Sterk Duitsland sal in die besonder sterk teenstand bied teen enige beleid wat die unie destabiliseer of wat die sterkste nasie in die EU straf ten einde die swakkeres te subsidieer.

Indien hulle voor 'n sterk genoeg krisis te staan kom, kan 'n "kern"-groep van die huidige EU lande hulleself geredelik afsny en 'n kragtige Europese nasionale mag word wat na die regse politieke kant oorskuif in reaksie op eksterne ekonomiese en godsdienstige magte wat as vyandig teen Europa se historiese herkoms gesien kan word.

Ongekende wêreldkrisis lê voor!

Uit 'n Bybelse perspektief dui dit alles op die naderende einde van 'n tydperk: 'n Tyd van "oorloë en opstande" (Lukas 21:9), 'n tyd van groeiende "benoudheid van nasies" (vers 25). Die Europese migrantekrisis is 'n direkte gevolg van oorloë, van die mensdom se onvermoë om hulle sake vreedsaam te besleg. Dit is tog deel van 'n nog wyer beeld van wêreldwye ongesteldheid en nood. In 2015 was daar volgens die VN 60 miljoen gewelddadig verplaaste mense wêreldwyd – *die hoogste vlak sedert die Tweede Wêreldoorlog!* Die tekens dui daarop dat dinge geleidelik erger word. Ons is nog nie heeltemal daar nie, maar die Bybel voorspel 'n tyd wanneer die wêreld by 'n tyd van die uiterste krisis sal kom, waaruit slegs die Wederkoms van Jesus Christus ons lewe sal kan red (Matthéüs 24:21-22).

Die mensdom se pogings om homself te regeer, het bewys

om op sy beste gebrekkig te wees en rampspoedig op sy slegste. Ten spyte van die sirenesang van sedelike relativisme, laat dit gesê word: Sommige regerings is beter as ander. Wat is egter God se siening op regering? Wat elke nasie en die hele wêreld nodig het is 'n doeltreffende, Goddelike Regering wat op die Wette van God gebaseer is! Dit sal blywende vrede, voorspoed, tevredenheid en ware geluk meebring. Ons kan dankbaar wees dat so 'n Regering aan die kom is! God is alreeds besig om die voorbereidings vir daardie Regering in werking te stel.

Dink daaraan dat wanneer Jesus Christus weer na hierdie aarde terugkeer, 'n hele nuwe hoofstuk van wêreldregering vinnig te voorskyn sal kom. "Want 'n Kind is vir ons gebore, 'n Seun is aan ons gegee; en die heerskappy is op sy skouer, en Hy word genoem: Wonderbaar, Raadsman, Sterke God, Ewige Vader, Vredevoers – tot vermeerdering van die heerskappy en tot vrede sonder einde" (Jesaja 9:5-6). Ons lees in Openbaring 11:15 dat ware Christene eendag vol vreugde sal sê: "Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse Here geword en van sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid." Bid vir daardie Koninkryk om te kom en doen u deel om voor te berei. Om meer oor hierdie wonderbaarlike tyd in

die nabye toekoms te leer, lees ons insiggewende en inspirerende gratis boekie, *Die toekomstige wêreld: Hoe sal dit wees?*

Laat U Koninkryk kom!

Maak geen fout nie. Ek en u mag wens dat dit anders was, maar volgens Bybelse profesieë is ons besig om 'n groot hoogtepunt in die geskiedenis van die wêreld te nader. God lê Self die uiteindelijke vordering van gebeure uit wat onverbiddelik tot die einde van hierdie tydperk sal lei. Hoewel die meeste mense wat hulleself Christene noem onbewus daarvan bly, is dit die boodskap wat Jesus Christus so sterk verkondig het terwyl Hy op die aarde was en is dit die boodskap wat Hy aan Sy volgelinge opgedra het om te verkondig. Jesus noem dit die Evangelie van die Koninkryk van God (Markus 1:14-15). Dit is 'n diepsinnige boodskap van hoop vir 'n duidelik beter wêreld as die een waarin ons nou is – 'n wêreld sonder oorloë, geweld, haat en vyandskap. Dit sal 'n wêreld van regverdige Regering wees, waar vrede sal seëvier en mense nie verplig sal voel om uit hulle lande te vlug en elders skuiling te soek nie – kortom, 'n wêreld waar die groot probleme wat Europa vandag trotseer, nie meer sal bestaan nie. Dank God dat Sy Koninkryk binnekort sal kom, voordat die mensdom homself tot op die rand van uitwissing sal bring – en daarna! **WVW**

Verwittig ons asseblief onmiddellik van enige verandering in u posadres.

Die jaar van Shakespeare

Deur Adam J. West

William Shakespeare, dramaturg, digter en buitengewone woordsmid, het aan die wêreld 'n voortrefflike uiteensetting en kragtige (hoewel by tye onkuis) prosa nagelaat. Die jaar 2016 het die 400ste herdenking van Shakespeare se dood gekenmerk. Regdeur Engeland was feestelikhede ter ere van hierdie nasionale ikoon vir sy onskatbare bydraes tot die Engelse kultuur, kuns en taal geskiedleer.

Shakespeare is oor generasies heen deur baie mense bewonder vir sy vermoë om die Engelse woord en frase so vinnig te hanteer. Hy het oor, wat soms beskou word as die grootste woordeskat van enige skrywer, beskik – sowat 24,000 woorde! Sy bekwaamheid met 'n pen is net verder versterk nadat hy honderde Engelse woorde uniek uitgevind of nuwe betekenis gegee het – baie woorde wat vandag nog steeds in gebruik is.

Wat kan ons uit die lewe en werk van Shakespeare leer? Watter verband, indien enige, bestaan tussen Shakespeare en Engelse vertalings van die Bybel? Taal was William Shakespeare se speelterrein, maar wat openbaar Bybelprofesie in verband met opknapping en suiwering van taal in die toekoms?

Lê die grondslag

William Shakespeare is laat in

April 1564 in die landelike dorp *Stratford-upon-Avon* gebore. Hy het sy vormings-skooljare deurgebring waar hy bekendgestel was aan die meganismes van “oortuigende, elegante en kragtige” verwoording van denke en het sterk gefokus op die antieke Latynse taal wat destyds die *lingua franca* [omgangstaal] van die mees opgevoede Europeërs was.

Jeremy Lemmon, regisseur en skrywer, beskryf in sy boek, *Shakespeare*, hoe die jong Shakespeare onderrig was om op “50 verskillende maniere te sê: 'Ek dink dit gaan reën', uit Erasmus se *De copia verborum* (bl. 10). Die jong Shakespeare het “bewus geraak van die hulpbronne en moontlikhede van taal” (*ibid.*, bl. 12). Hierdie intense konsentrasie op verbale en geskrewe verwoording het die grondslag gelê vir die enorme struktuur van Shakespeare se literêre pogings.

In die somer van 1582, net vier jaar nadat hy die skool verlaat het, is Shakespeare met Anne Hathaway getroud. Hulle het saam drie kinders gehad, twee dogters en 'n seun. Die seuntjie het ongelukkig op die ouderdom van elf jaar gesterf. Ongeveer 1587 het Shakespeare Stratford verlaat, terwyl sy gesin in sy tuisdorp agtergebly het, sodat die begaafde skrywer dit kon waag om die geleenthede te verken en die uitdagings te trotseer wat in Londen op hom

gewag het.

Londen en nalatenskap

Londen was Shakespeare se tuiste terwyl hy al sy groot toneelstukke geskryf het. Terwyl hy in diens van die *Chamberlain's Men* was, ook bekend as “*the King's Men*”, was die talentvolle Shakespeare – saam met sy span vrolike akteurs – so suksesvol dat hy in staat was om die Globe-teater te bou. Vandag kan toeriste besoek bring aan 'n moderne, gerekonstrueerde *Shakespeare's Globe*, in Bankside by die Teemsrivier.

Oor 'n tydperk van 23 jaar, vanaf 1590 - 1613, het Shakespeare vyf gedigte, 154 sonnette en sowat 38 toneelstukke geskryf – 'n verstommende 884,647 woorde altesaam! Die oorsaak van sy dood op 23 April 1616 is onbekend, maar in sy 52 jaar het hy 'n nalatenskap van toneelstukke saamgestel soos *Hamlet*, *King Lear*, *Othello*, *Macbeth* en *The Tempest*, om maar net 'n paar op te noem, wat hom oorleef en 'n beduidende merk op vier eeue van menslike denke ingeprent het – 'n merkwaardige prestasie volgens enige persoon se standarde.

Die opkoms en oorheersing van die Engelse taal

Dit word deurgaans gesê dat die *Bybel* regdeur Shakespeare se werk weerspieël word. Dit sou egter oordrewe wees om aan

Shakespeare krediet te gee vir 'n beduidende invloed op die Engelse Bybelvertalings. Dit was eerder die werk van William Tyndale in die 16de eeu en John Wycliffe voor hom in die 14de eeu, wat die Bybel in die taal van dieselfde Engelse mense gebring het wat Shakespeare se toneelstukke sou bywoon en op die Bybelse aksent van sy mees aangrypende werke sou ag slaan.

Shakespeare se geskifte het na alles, tog 'n belangrike rol in die ontwikkeling van die Engelse taal gespeel, van die bekrompe taal van een Europese eiland tot 'n wêreldwye medium van kommunikasie wat Latyn sou vervang en werklik die algemene tweede taal van die grootste deel van die wêreld sou word. Een ander belangrike faktor in die verspreiding van Engels was die druk en wye verspreiding van die *King James* Bybel, wat tussen 1604 en 1611 vertaal is. Namate die Britse Ryk uitgebrei het, het sy kolonies nie net die nalatenskap van Shakespeare nie, maar ook van die *King James* Bybel ontvang – veral ná die Slag van Waterloo in 1815 is die Engelse taal meer opmerklik as ooit tevore na die uithoeke van die aarde versprei.

Geprofeteerde suiwering

Moontlik was Shakespeare nie 'n openlik godsdienstige man gewees nie, maar sy geskifte toon 'n waardering vir baie van die lewendige en onvergeetlike uitdrukkings wat regdeur die Skrif gevind word. Tog was sy

toneelstukke vir 'n alledaagse en dikwels ongekonstelde gehoor geskryf en gevolglik was dit met tye besaai met wat sommige mense as vulgêre en wellustige idees en situasies beskou het. As gevolg van hierdie waarneembare “besoedeling” op Shakespeare se nalatenskap het die Engelse filantroop en geneesheer dr. Thomas Bowdler probeer om dit wat hy as onvanpas beskou het te parafraseer en te suiwer, terwyl al die “skoonheid” van Shakespeare se geskifte behoue bly. Sy “gesuiwerde” volume met die titel *The Family Shakespeare*, wat die eerste keer in 1807 gepubliseer is, het vir Shakespeare sonder twyfel selfs 'n meer uitgebreide gehoor gebring. Tog is dit die oorspronklike woorde van die “*Bawdy Bard*” wat die tyd deurstaan het, terwyl Bowdler se pogings nou grotendeels geminag word.

Wat dan van die idee van suiwerheid in taal? In 'n profesie aangaande die komende aardse heerskappy van Jesus Christus, skryf Sefánja: “Want dan sal Ek aan die volke rein lippe toebring, sodat hulle almal die Naam van die HERE sal aanroep en Hom met 'n eenparige skouer sal dien” (Sefánja 3:9). Die Hebreeuse woord wat hier vir “taal” gebruik word is elders as “lippe” in talle ander Skrifgedeeltes vertaal. Dit impliseer dat wat in die Koninkryk van God, uit die mond gaan kom, suiwer sal wees (vgl. Sefánja 3:13). God begeer uiterlike suiwerheid van

taal, maar ook nog belangriker suiwerheid van hart, vanwaar 'n mens se woorde ontstaan (Matthéüs 12:34).

Bowdler se suiwering van Shakespeare se werk was bespot en belaglik gemaak as 'n gepeuter en sensuur; hoewel die tyd kom wanneer God alle tale sal hernu en suiwer en gevolglik ook die gedagtes, om sodoende die mensdom in staat te stel om Hom te verheerlik sonder die “besmetting” van verdorwe woorde en idees, dubbele betekenis en heidense verwysings wat so algemeen in alle hedendaagse tale is.

Die Bybel beskryf 'n tyd in die toekoms, wanneer kennis van God se lewenswyse die aarde sal vul (Jesaja 11:9). Christus sal vrede en geregtigheid verseker (Jesaja 9:6-7). Die suiwering van taal sal maar net een aspek wees van die groter hernuwing wat gaan kom (Handelinge 3:20-21). Om meer inligting te verkry oor hierdie wonderlike toekoms, lees gerus ons inspirerende boekie, *Die toekomstige wêreld: Hoe sal dit wees?*

Namate vieringe dwarsdeur die “Jaar van Shakespeare” voortgegaan het om sy invloed op die Engelse taal lof toe te swaai, laat ons stilstaan om die werklikheid wat binnekort hier sal wees te waardeer wanneer Jesus Christus tale wêreldwyd sal herstel en suiwer tydens Sy triomfantelike Wederkoms. **WvM**

Môre se Jeug

Yster slyp yster

Deur Phil Sena

Watter eienskappe soek u in 'n vriend? Is 'n persoon se voorkoms vir u die belangrikste? Dink u mense is “cool” as gevolg van hulle gedrag of hoe hulle aantrek? Heg u dalk meer waarde aan 'n persoon se karakter en ander eienskappe én hulle invloed op u lewe?

Die Bybel bied goeie raad om na op te let en wat om te vermy wanneer dit by die keuse van vriende kom. Een bekende beginsel van positiewe vriendskap word in die Ou Testament in die boek Spreuke gegee: “Yster slyp yster, so slyp die een mens die persoon van die ander” (Spreuke 27:17). Wat beteken hierdie Skriftuur en hoe kan hierdie idee u vriendskappe lei?

Volgens *The Bible Knowledge Commentary*: “Wanneer yster teen 'n ander stuk yster geskuur word, word dit gevorm en skerp gemaak. Net so kan mense mekaar help om te verbeter deur hulle besprekings, kritiek, voorstelle en idees”. Die beeld van 'n sjef wat 'n staalstaaf gebruik om 'n mes skerp te maak, is 'n goeie voorbeeld van die gebruik van sterk metale om die instrument te verbeter.

In direkte verband met vriendskap, sê *The Life Application Study Bible*: “Daar is 'n geestelike skerpsinnigheid wat spruit uit samesyn met goeie mense. Twee vriende wat hulle idees saamvoeg kan mekaar

help om skerpsinniger te word”.

Hierdie Skrifgedeelte beklemtoon die belangrikheid om vriende te maak met kwaliteit mense wat daartoe bydra om onself te verbeter. Sulke vriende kan ons begrip en wêreldbeskouing aansienlik verbreed en kan terugvoering gee wat ons gedrag verbeter. Sonder hierdie tipe persoonlike hulp kan ons 'n verkeerde, opgeblase siening van ons eie idees en gedrag ontwikkel.

Waarom is dit belangrik?

Een van die belangrikste besluite wat 'n jong persoon kan neem is om vriende te kies. Die invloed wat deur ons naaste verwantskappe uitgeoefen word, sal neig om die verloop van ons lewens te bepaal – of dit nuwe opsies, moontlikhede en aanmoediging is om te groei, of om ons op paaie te lei wat ons ontwikkeling inperk en ons in die moeilikheid kan laat beland.

Vir diegene wat daarna streef om God se leerstellings te volg, is hierdie keuse lewensbelangrik. Die Bybel waarsku: “Die regverdige vind sy weide uit, maar die weg van die goddelose laat hulle dwaal” (Spreuke 12:26). Soos hierdie Skriftuur aandui, bring die “slegte” dikwels die “regverdige” ten gronde. Hierdie punt word in 1 Korinthiërs 15:33 herhaal: “Moenie dwaal nie; slegte

gesprekke bederf goeie sedes.” Ons behoort dit nie as vanselfsprekend te aanvaar dat ons onder 'n slegte invloed kan bly, sonder dat dit ons ten kwade verander nie.

Dit is waarom dit so belangrik is om “yster slyp yster” verhoudings te vind. Ons verhoog die kans op sukses wanneer ons onself met mense omring wat ons ophef. Dit is 'n goeie ding wanneer ons vriende uitmuntende eienskappe van ons verwag. Ons is dan geneig om dit van onself ook te verwag.

Persoonlike voorbeeld

Wanneer ek na my vormingsjare terugkyk, besef ek dat my lewe grootliks deur die kwaliteit van my vriende beïnvloed is. Daar was tye wanneer hulle direkte leiding en raad my gehelp het om die nodige veranderinge in my benadering tot die lewe te maak.

Terwyl ek op kollege was moes 'n goeie vriend my konfronteer omdat ek oor die algemeen onaangename gedrag openbaar het. Ek was onbewus van hoe irriterend ek geword het en my vriend moes my hiervan bewus maak. Dit was pynlik om dit te hoor en aan die begin was ek op die verdediging, maar namate hy aan my verskeie oortredings verduidelik het, het dit duidelik geword dat

ek na sy woorde behoort te luister en daarvolgens te handel. Vandag waardeer ek dit dat my vriend genoeg omgee het om my uit te daag, want wat hy aan my uitgewys het, het my deur die res van my lewe gehelp. Op daardie manier het hy my “geslyp”.

Dit is nogtans maar net een van die vele maniere waarop 'n vriend my gehelp het om te verbeter. Daar was talle geleenthede wanneer deelname aan insiggewende gesprekke met vriende my denke op maniere verbreed het, wat ekself nooit sou ervaar het nie. Dit is heel moontlik die belangrikste aspek van “slyp” wat ek ondervind het. Selfs my heel intiemste Christelike oortuigings is gevorm en duidelik gemaak aangesien ek die voordeel gehad het om my gedagtes te suiwer deur goeie vriende, wat ook op soek was na 'n beter begrip van God se lewenswyse.

U beurt!

Daar is ooglopende voordele om ons met vriende te omring wat ons aanmoedig om beter mense te word. Soos die term “yster slyp yster” dan ook aandui, behoort daar wedersydse bydraes tot die verbetering van mekaar te wees. Met ander woorde, ons vriende behoort net soveel baat te vind om vriende met *ons* te wees, as wat dit ons bevoordeel om vriende met *hulle* te wees. Dit kan dus nuttig wees om te ontleed of dit waar is in u verhoudings. Verbeter u invloed ander mense? Indien nie, is daar

stappe wat u kan begin neem om diegene rondom u te slyp:

1. Verbeter uself – Streef daarna om 'n persoon van gehalte te word deur die ontwikkeling van u intellektuele en geestelike kapasiteit. Dit kan bereik word deur die verkryging van *wysheid* en *insig*. 'n Goeie plek om te begin is om die boek Spreuke te lees en uit te leef, wat persoonlike verbetering as 'n verklaarde doel het: “... om wysheid en tug te ken, om woorde van insig te verstaan, om aan te neem tug wat verstandig maak, geregtigheid en reg en regverdigheid; om aan die eenvoudiges skran-derheid te gee, aan die jongeling kennis en oorleg; laat die wyse luister, dan sal hy insig vermeerder, en die verstandige sal verstandige gedagtes verkry” (Spreuke 1:2-5).

2. Stel die regte voorbeeld – Kennis is van min waarde indien dit nie u lewe verbeter nie. Indien u volgens die wysheid leef wat u opdoen, behoort die positiewe voorbeeld wat u stel outomaties te volg. Mense sal u van nature begin respekteer wanneer hulle sien u is 'n persoon van uitstaande karakter en nie 'n huigelaar nie. U voorbeeld behoort as 'n getuigenis te dien van hoe 'n positiewe, omgee en dienende persoon behoort op te tree. Jesus Christus het die fundamentele voorbeeld gestel deur Sy dissipels, wat Hy Sy vriende genoem het, te dien: “Want Ek

het julle 'n voorbeeld gegee om, net soos Ek aan julle gedoen het, ook so te doen” (Johannes 13:15, vgl. Johannes 15:15).

3. Wees lief vir u naaste – Soek nederig na maniere om ander mense te help en behou 'n opregte begeerte om hulle te sien slaag. Onthou die “gee en neem” dimensie van yster wat yster slyp, wat wedersydse interaksie aanmoedig waardeur elke persoon bevoordeel word. Indien ander mense waarneem dat dit u motivering is om lief te hê en ander mense te dien, sal u geleenthede vir wedersyds bevredigende verhoudings toeneem, as gevolg van die sorgsaamheid wat u vir andere demonstreer. “Moenie **iets** doen uit selfsug of uit ydele eer nie, maar in nederigheid moet die een die ander hoër ag as homself” (Filippense 2:3).

Soos vele suksesvolle mense ontdek het, maak die kwaliteit van ons hegte persoonlike verhoudings 'n geweldige verskil in die vorming van wie ons is. Ons behoort dankbaar te wees wanneer ons deur vriende wat omgee uitgedaag word en wat ons ruwe kante wegskaaft, ons denke verbeter en ons help om daarna te streef om beter te wees. Terselfdertyd behoort ons daarna te streef om dieselfde vir hulle te doen. Dus, as 'n belangrike deel van u persoonlike ontwikkeling, probeer om u lewe met sulke yster slyp yster verhoudings te vul. **WVW**

Vrae & Antwoorde

Bekende godsdienstige gebruike openbaar die mensdom se vrugbare verbeelding!

VRAAG: Ek wonder elke Paasfees: Wat het gekleurde eiers en wollerige hasies met die dood en opstanding van Christus te doen?

ANTWOORD: Biologie maak dit duidelik: Hase lê nie eiers nie! Wat het hase en eiers dus in gemeen? Hase is bekend vir hulle reprodutiewe vrugbaarheid. Eiers word as 'n simbool van vrugbaarheid beskou.

Wat het vrugbaarheid dan met Paasfees te doen? Baie mense wat hierdie vakansie vier, besef glad nie dat Paasfees nie 'n Bybelse vakansiedag is nie – dit is afgelei uit die voor-Christelike vierings van vrugbaarheid in die lente, wat aan heidense godinne met name soos Ishtar, Astarte en Ostara gewy is en waarvan die naam “Easter” afgelei is. Ook diegene wat 'n woordspeling maak soos die Engelse woorde “*Son rise*” en “*sunrise*” mag heel moontlik nie daarvan bewus wees dat hulle Paasfees se oggend “*sunrise*”-diens – met hulle gesigte in die rigting van die opkomende son gedraai tydens hulle aanbidding – nie sy oorsprong in die Skrif het nie, maar in heidense aanbidding van die songodin.

'n Paar mense sal sê: “Wel, ons 'doop' net 'n heidense gebruik en maak dit Christelik”. Wat sê God egter oor daardie benadering? Die profeet Jeremia het God se baie duidelike en eenvoudige opdrag opgeteken: “Maak julle nie gewend aan die weg van die heidene nie” (Jeremia 10:2). Die gedeelte in Jeremia gaan voort om die maak van houtafgode te beskryf wat dit duidelik maak dat God nie heidense aanbiddingspraktyke in Sy eie aanbidding ingevoer wil hê nie.

Wil God dan hê dat Christene Paassondag vier? U mag moontlik verbaas wees om te verneem dat daar geen Bybelse rekord van Paassondag-aanbidding is nie en geen opdrag aan ons gegee is om vandag só te aanbid nie! Soos gereelde lesers van hierdie tydskrif weet, het Christus kort voor sonder op 'n Woensdag gesterf en is in die graf geplaas, net voor die aanvang van die jaarlikse Heilige Dag wat bekend is as die Eerste Dag van Ongesuurde Brode (sien Levitikus 23:6). Die Skrif toon dat Jesus vir drie dae en drie nagte in die graf was – 72 uur – wat beteken dat Hy net voor sonder op die Saterdag opgestaan het! Teen die tyd dat die vrou op die Sondagoggend by die graf gekom het, het Hy **alreeds** opgestaan (Matthéüs 28:1-8)!

Die skrifgeleerdes en die Fariseërs het aangedring om 'n teken van Christus se Messiaskap te sien, waarna Hy gesê het dat Hy aan hulle “die teken van die profeet Jona” sou gee (Matthéüs 12:39; Johannes 2:19). Hy het inderdaad gesê dat dit die enigste teken sou wees wat Hy sou gee. Jona was vir drie dae en drie nagte in die buik van die groot vis en Christus sou vir daardie selfde tydperk in die graf wees. Let daarop dat dit ook die latere “Goeie Vrydag”-gebruik as 'n onbybelse verhaal openbaar, aangesien 'n Vrydag-begraving vir Christus tot die Maandagaand in die graf sou hou, hoewel die Skrif duidelik toon dat die graf reeds leeg was toe die vrou vroeg die Sondagoggend daar opgedaag het.

Indien Paassondag dus 'n valse gebruik is, hoe behoort Christene Christus se offer te herdenk? Weereens openbaar die Skrif die antwoord. Die apostel Paulus skryf aan die Christene in Korinthe: “... want ook ons paaslam [korrekte vertaling: Pasgalam] is vir ons geslag, naamlik Christus” (1 Korinthiërs 5:7). Tydens Sy finale Pasgamaaltyd saam met Sy dissipels na sonder op 14 Nisan, het Christus die nuwe simbole van brood en wyn ingestel, wat Sy liggaam en Sy bloed voorgestel het (Matthéüs 26:26-28). Paulus herinner die Korinthiërs daaraan dat die Pasga die jaarlikse gedenkdag van Christus se offer is. “Want ek het van die Here ontvang wat ek ook aan julle oorgelewer het, dat die Here Jesus in die nag waarin Hy verraai is, brood geneem het; en nadat Hy gedank het, het Hy dit gebreek en gesê: Neem, eet; dit is my liggaam wat vir julle gebreek word; doen dit tot my gedagtenis. Net so ook die beker ná die ete met die woorde: Hierdie beker is die nuwe testament in my bloed; doen dit, so dikwels as julle daaruit drink, tot my gedagtenis. Want so dikwels as julle hierdie brood eet en hierdie beker drink, verkondig julle die dood van die Here totdat Hy kom” (1 Korinthiërs 11:23-26).

Christus se liggaam was gebreek vir ons fisiese genesing (Jesaja 53:5), Sy bloed was gestort tot vergifnis van ons sondes (Matthéüs 26:28). Christene behoort dus nie 'n nie-Christelike vakansie met hasies en eiers en ander heidense simbole van vrugbaarheid te vier nie. Hulle behoort die Pasga as die ware herdenking van Sy offer te onderhou. **W&M**

Keerpunte in

Vyf boeke wat die wêreld verander het

Baie mense is van mening dat die Westerse beskawing, wat meer as 2,000 jaar gelede dateer, op die Romeinse reg en Griekse idees van demokrasie gebou is. Min mense besef vandag dat baie van die kultuur en beskawing van die Westerse wêreld op die fondament van vyf boeke rus wat 3,500 jaar gelede deur 'n man met die naam van Moses geskryf is. Hoewel skeptici daarop aanspraak maak dat Moses 'n fiktiewe karakter is en beweer dat om sy geskryfte letterlik op te neem, tot nadeel van die mensdom was, ignoreer sulke bewerings die merkwaardige inhoud en onmiskenbare impak wat die boeke van Moses op die verloop van die wêreldgeskiedenis gehad het.

Die vyf boeke van Moses wat ook bekend staan as die *Pentateug* – Genesis, Exodus, Levitikus, Númeri en Deuteronomium – is deel van die Hebreeuse Geskryfte (die Ou Testament) en maak daarop aanspraak om die *geïnspireerde* woorde van God te wees (Exodus 3:4-6; 2 Timóteüs 3:16). In skille kontras met ander “heilige” boeke, bevat die Bybel – met inbegrip van hierdie vyf mees antieke boeke – unieke, interne selfgewaarmerkte bewyse, in die vorm van byna tweeduisend profesieë wat sy goddelike inspirasie *bevestig*. Geen ander vertolking behalwe

die Bybel – nie die Koran nie, nie die Upanishads nie, nie die Tao Te Ching nie – kan met reg daarop aanspraak maak om sulke spesifieke profesieë te bevat wat toekomstige gebeure korrek voorspel nie.

Het Moses geleen?

Sommige kritici sê dat die Wet van Moses gekopieer of geleen is uit die kode van wette wat deur Hammurabi verklaar is, 'n Babiloniese koning wat verskeie eeue vroeër geleef het. Die wette van Hammurabi was egter hoofsaaklik *burgerlike wette* om die kommersiële stadstaat van Babilonië te regeer; dit het barbaarse strawwe ingesluit wat deur regters opgelê is, onderworpe aan die koning (sien “*8 Things You May Not Know About Hammurabi's Code*”, *History.com*). In teenstelling hiermee, is die Wet van Moses 'n baie meer omvattende stel burgerlike en godsdienstige voorskrifte wat op elke aspek van die lewe betrekking het. Die boeke van Moses bied 'n teologiese perspektief op die oorsprong van die heelal, die skepping van lewe op die aarde, die oorsprong van die huwelik, die doel van geslag, die oorsprong van taal en die oorsprong van nasies en bevat ook sekere wette wat menslike verhoudings lei.

Die perspektiewe op God,

die heelal en die mensdom wat in die heilige boeke van die Hebreeuse volk vervat is, het 'n onberekenbare invloed op die geskiedenis en kultuur van die Westerse wêreld gehad. God het die Wette van Moses op 'n indrukwekkende wyse by die berg Sinai geopenbaar (Exodus 19:16-18) – Wette wat op 'n godsdienstige oriëntasie gebaseer is teenoor die een ware God, nie gehoorsaamheid aan 'n aardse koning nie. Die Wette van God wat aan Moses geopenbaar is, bevat ook konsepte van sonde en vergifnis, wat *heeltemal afwesig* is in die kode van Hammurabi.

Dit is ook insiggewend om daarop te let dat God die Wet aan Moses gegee het wat op twee kliptafels geskryf was (Exodus 31:18) en dat Moses “al die woorde van die HERE” in 'n “boek van die verbond” of die “wetboek” geskryf het en so 'n permanente versameling van goddelike instruksies vir die nasie van Israel nagelaat het (Exodus 24:4-7; Deuteronomium 31:24-26). Geskiedkundiges het opgemerk dat daar 'n “noue verband tussen boeke met 'n paar belangrike oorgange in die geskiedenis” is, omdat boeke idees bewaar wat die gedagtegang van latere geslagte kan beïnvloed en hele beskawings vorm (*Eight Decisive Books of Antiquity*, F.

wêreldgeskiedenis

R. Hoare, bl. 7, 13).

Doel en omvang van Mosaïese Wette

Die Wette van God wat aan Moses geopenbaar is, is *doelbewus beplan* om die nasie van Israel uit te sonder, sodat hulle 'n lig en 'n voorbeeld vir die omliggende heidense nasies van die antieke wêreld kon wees (Deuteronómium 4:1-10, 40). Dit was in ooreenstemming met die beloftes wat God aan Abraham gemaak het wie ook gehoorsaam aan die Wette van God was – sien Génesis 26:5), sodat sy afstammeling 'n seën vir “al die nasies van die aarde” sou wees (Génesis 22:18). Die Wette van Moses is merkwaardig in hulle omvang, veral in vergelyking met die wette van Hammurabi. Die Tien Gebooe definieer die mens se verhouding met God (Gebooe 1 tot 4) en hoe om mens se naaste lief te hê (Gebooe 5 tot 10). Die morele omvang van die Mosaïese Wet omskryf wat reg en verkeerd is vir die ganse mensdom, beskerm die basiese eenheid van die samelewing – die instelling van die huwelik tussen man en vrou. Gebooe teen leuens en diefstal beskerm teen die korrupsie wat die menslike samelewings so deurdring.

Die boeke van Moses sluit bepalinge vir weeklikse en jaarlikse Heilige Dae in

(Levitikus 23). Die biologiese Wet soos dit opgeteken is in Génesis 1:11, 24-25, bepaal dat elke lewende organisme “volgens sy soort” reproduseer – 'n feit wat met die ontdekkings van die wetenskap ooreenstem, maar deur moderne makro-evolutionêre teorieë weerspreek word. Ander Mosaïese Wette omskryf 'n ekonomiese stelsel wat voorsiening maak vir skuldverligting (Deuteronómium 14:22-29; 15:1-2), gee leiding vir landboupraktyke (Exodus 23:10-11) en stel die bestuur van natuurlewe in (Deuteronómium 22:6-7). Gesondheidswette in die Mosaïese Kode verbied tatoeëring en selfverminking (Levitikus 19:28), omskryf kwarantyn praktyke, identifiseer geskikte bronne van voedsel (Levitikus 11; Deuteronómium 14) en beskryf behoorlike sanitasie asook die voorkoming (wat baie meer ekonomies as basiese behandeling is) van aansteeklike siektes – (sien Levitikus 11-15). Die feit dat Joodse gemeenskappe in die Middeleeue minder onder siekte-epidemies gebuk gegaan het demonstreer die voordele van die onderhouding van die Bybelse gesondheidswette.

Nog 'n interessante feit is dat Bybelskrywers *nooit* die Mosaïese Wette 'n *las* noem nie; dit word eerder as 'n bron van vryheid, wysheid, waarheid en geluk geopenbaar (Deutero-

nómium 4:40; Psalm 119; 1 Johannes 5:2-3), waarvan die waarde veel verder as die antieke volk van Israel strek. Selfs vandag erken regs kundige owerhede dat “die Tien Gebooe 'n beduidende impak op die ontwikkeling van sekulêre regskodes van die Westerse wêreld” het (*The Ten Commandments & their Influence on American Law*, Federer, bl. 14). In Amerika het “Twaalf van die dertien kolonies die hele Dekaloog [Tien Gebooe] in hulle siviele en kriminele wette” opgeneem (*ibid.*). 'n Amerikaanse regsgeleerde het gesê: “Om die invloed van die Tien Gebooe in die stigting en die vorming van die Amerikaanse wet en regering te ignoreer, sou beduidende historiese hersiening vereis” (*ibid.*, bl. 11). Ter opsomming: “Die direkte en indirekte invloed van die Tien Gebooe op die Amerikaanse wet, gaan in tyd terug na die ontwikkeling van die Engelse Gemene Reg en vóór dit, na die oorsprong van die Westerse beskawing” (*ibid.*, bl. 183).

Die boeke van Moses bevat 'n dimensie van kennis wat 'n groot invloed op die wêreld gehad het, nogtans *bestaan dit nie* in die geskifte van ander antieke godsdienste en filosofie. Dit gee unieke inligting oor die doel en betekenis van die lewe. Soos die Britse skrywer Paul Johnson met betrekking tot

die antieke Israëliete geskryf het: “Geen mense het ooit meer kragtig daarop aangedring ... dat die geskiedenis 'n doel het en die mensdom 'n bestemming het nie”, dat God 'n wonderbaarlike “goddelike plan vir die mensdom” vooropgestel het. (*A History of the Jews*, bl. 2). Hierdie

idees kom uit die boeke van Moses. Die idee dat die mens na die beeld van God geskape is (Génesis 1:26), is dat alle menslike lewe heilig is (Exodus 20:13), dat God 'n groot plan op die aarde uitwerk (Génesis 17:1-7; 22:15-18; 49) en dat Hy aan die mensdom 'n goddelike stel

Wette gegee het om daarvolgens te leef, is lank gelede deur Moses in vyf boeke opgeteken wat die loop van die wêreldgeskiedenis verander het.

—Douglas S. Winnail

Vervolg vanaf bladsy 13 – Die antwoord

ontferm. En jou poorte sal altyddeur oopstaan; hulle sal bedags of snags nie gesluit word nie, om na jou toe aan te bring die **rykdom** van die nasies en hulle konings in triomftog” (Jesaja 60:9-11).

Dit sal wees soos toe God aan Job **dubbel** teruggegee het van dit wat Hy van hom weggenem het (Job 42:10). Waarlik, die bedorwe en arrogante afstammeling van die sogenaamde “Verlore Tien Stamme” van Israel word vandag onder die Amerikaners en nasies van Britse afkoms gevind asook die *vredeliewende* nasies van noordwes Europa. Indien u nog nie hierdie basiese waarheid verstaan nie, maak seker dat u ons **gratis** boekie: *Wat lê voor vir Amerika en Brittanje, asook Suid-Afrika? aan-vra en bestudeer.*

Tensy 'n ongekende nasionale **bekering** gou plaasvind, sal ons volke verootmoedig, getugtig en *in nasionale slawerny geneem* word. Wanneer ons dan begin om ons **les te leer**, sal God ons volke terugbring na die land van Israel en hulle op 'n werklik ongelooflike wyse **seën**.

Soos ons gesien het, sal die **Wet** dan uit Jerusalem uitgaan. Die Tien Gebooie sal

regoor die wêreld geleer en toegepas word as die **grondslag** van Christus se toekomstige Regering! Soos God se Gees op *alle nasies* uitgestort word, sal elke mens op aarde *geleer word hoe* om God lief te hê en **hoe** om sy naaste lief te hê! Die hele wêreld sal God se ware **weë** geleer word en **vrede** en **blydskap** sal uiteindelik die hele aarde deurtrek! Die “Nuwe Verbond” sal uiteindelik verstaan en *toegepas* word deur die huis van Israel sowel as die huis van Juda (Jeremia 31:31). God sê: “Maar dit is die verbond wat Ek ná dié dae met die huis van Israel sal sluit, spreek die HERE: Ek gee my **wet** in hulle binneste en skrywe dit op hulle hart; en Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees” (vers 33).

Wanneer Satan aan die begin van Christus se heerskappy gebind is (Openbaring 20:1-3), sal mense gou hulle vyandigheid teenoor God en Sy groot geestelike **Wet** te bowe kom. Daar sal dan uiterlike **vrede** oor die hele aarde wees en 'n **innerlike vrede** – die “vrede van God, wat alle verstand te bowe gaan” (Filippense 4:7), sal op die mens neerdaal op 'n manier wat nog nooit voorheen in die hele

menslike geskiedenis ervaar is nie.

Christus se toekomstige **wêreldregering** wat vinnig nader, sal in beheer wees. Ek en u kan *deel* wees van daardie Regering, **indien** ons bereid is om onself waarlik aan *God oor te gee* en werklik te doen wat Hy beveel! Ons kan **pioniers** wees en Christus help met die *herstrukturering* van hierdie verwarde wêreld en die nasies *God se weë* leer. 'n **Glorieryke** toekoms wag op die hele aarde met die Wederkoms van Jesus Christus!

Dit is die ware **antwoord** op al die lyding en angs wat ons mense – onder Satan se bese invloed – oor onself bring. My vriende, wanneer Jesus Christus werklik *weer na hierdie aarde terugkeer, binne die leeftyd* van baie van u, sal die gevoel van “leegheid” en *doelloosheid* vinnig *verdwyn*. Ons sal *almal* uiteindelik verstaan **waarom** ons *gebore* is. *Almal* sal uiteindelik 'n wonderlike en inspirerende **doel** vir hulle lewens hê. *Dit* sal die uiteindelige oplossing wees vir *al* die haat, lyding, verwarring en leegheid wat ons menslike samelewing deesdae deurdring. Ja, *dit* is die **antwoord!** **WvM**

Vervolg vanaf bladsy 2 – Persoonlik

van Bybelse ongeletterdheid vir mense moontlik om van *elke* Woord van God te leef, indien hulle *dit nie eers bestudeer nie?* Namate die einde van hierdie tydvak naderkom en ons wêreld voor al hoe **groter** ontwrigtings te staan kom – wat deur oorloë, siektes, natuurrampe, ens. veroorsaak word – is dit *vir u en u lewe* noodsaaklik om seker te maak dat u die geïnspireerde Woord van God *ken en verstaan*.

Weereens, om dit doeltreffend te kan doen, beteken dat u 'n gewoonte daarvan maak om gereeld 'n deel van u kosbare **tyd** daaraan te wy! Dit mag vir die meeste van ons meer as 'n halfmiljoen *Wêreld van Môre* intekenare vanselfsprekend wees. Ek weet ook dat baie ander mense **nooit** 'n gewoonte van hierdie aard aangeleer het nie. Vir die eerste twee dekades van my eie lewe, in die “hoofstroom” kerk waarin ek grootgeword het, het ek óók nie hierdie gewoonte aangeleer nie en so ook nie *enige* van my vriende nie. Ek het egter hierdie lewensbelangrike gewoonte begin ontwikkel en dit het my oor dekades heen staande gehou, selfs in moeilike tye. Laat ek u dus uit my eie ervaring aanmoedig, veral namate u spesifieke profetiese gebeure sien plaasvind, soos ons dit in *hierdie tydskrif* aan u meedeel. Word asseblief “wakker” en gebruik u **tyd**, terwyl u die geleentheid het, om werklik die eerste dinge eerste te stel.

Die apostel Paulus is geïnspireer om aan ons te sê: “Pas dan op dat julle nougeset wandel, nie as onwyse nie, maar as wyse; en koop die tyd uit, omdat die dae boos is” (Efésiërs 5:15-16). Om iets “uit te koop”, beteken om iets wat u reeds in die proses verloor het, “terug te koop”. Vir die meeste mense – beslis ook vir die meeste van u, die lesers – wil dit voorkom of die tyd net *verbyvlieg* voordat ons besef wat gebeur en dan is dit *weg*. Ons lewe kom tot 'n *einde*, dikwels gouer as wat ons gedink het en moontlik op 'n onverwagse manier.

In hierdie Werk van die lewende God, hoop en bid ons dat u *almal* waarlik sal “seker maak” wat ons sê. Ons wil in alle opregtheid hê dat u vir

uself sal **bewys** wat en **waarom** u glo. Moenie glo wat ek vir u sê, net omdat ek dit aan u sê nie. Kontroleer dit in u eie Bybel. Soos u wel weet, beklemtoon die meeste ander predikers dit **nie**. Omdat ons by die *Wêreld van Môre* begin het om die **waarheid** te verstaan, kan ons en wil ons *u uitdaag* om soos die inwoners van Beréa te wees en die onderwerpe waarvan ons u uit die Skrif leer te bestudeer, sodat u heeltemal seker kan wees dat ons u leer om te verstaan en uit te leef wat die *Bybel werklik sê*.

Bewys en leef God se Woord!

Indien u dieper wil navors om *ten volle* te verstaan en te **bewys** wat God se Woord oor die doel vir u lewe sê, maak seker dat u aan ons skryf of skakel ons en vra vir u *gratis* inskrywing van die *Wêreld van Môre Bybelstudiekursus*. Staan *nou dadelik* die **tyd** af om hierdie belangrike versoek te rig, voordat u te besig raak of vergeet om dit te doen! Dit is een van die beste maniere wat u kan hoop om te vind oor hoe om u tyd te gebruik.

Soos mnr. Richard Ames in sy artikel, “*Oorwinning oor die dood*”, elders in hierdie tydskrif verduidelik, wil ons Almagtige God hê dat u sal leer om die geleentheid te *waard*er wat Hy aan die mens gee om ten volle Sy kinders te word en opgewek te word tot onsterflikheid. Die God van die Bybel wil hê dat u sal leer om Sy Koninkryk en Sy geregtigheid te “soek” (Matthéüs 6:33). Niks anders as die Koninkryk van God is “die antwoord” op ons huidige wêreld se probleme nie, soos ek in my artikel, “*Die Antwoord*”, elders in hierdie tydskrif verduidelik.

Teen die einde van sy lewe het die apostel Petrus aan Christene gesê: “Daarom, broeders, moet julle jul des te meer beywer om julle roeping en verkiesing vas te maak; want as **julle dit doen**, sal julle nooit struikel nie. Want so sal ryklik aan julle verleen word die ingang in die ewige koninkryk van onse Here en Saligmaker, Jesus Christus” (2 Petrus 1:10-11).

Dit is waarlik nodig dat elkeen van ons leer om tot **aksie** oor te gaan. Soos die apostel Petrus geïnspireer was om aan ons te sê, “as julle dit

Onthou asseblief om in te skakel op
Tomorrow's World TV-program van
 11:00 tot 11:30 v.m. op Sondag-oggende,
kanaal 263 op DStv.

doen, sal julle nooit struikel nie". Hierdeur sal u toegang tot die ewigdurende Koninkryk van God hê. Dit sal nie net deur geloof alleenlik verwesenlik kan word nie. Dit verg *daadwerklike optrede* en die bereidwilligheid om **God** met u hele hart te "**soek**" en u kosbare **tyd** te gebruik

om dit elke dag van u lewe te doen. Doen dit! *Tree nou op!*



Wêreld van Môre

Bybelstudiekursus

**Skryf gerus vandag reeds in om hierdie insiggewende Bybelstudiehulpmiddel te ontvang!
 Dit sal u Bybelkennis grootliks aanvul en u met nuwe oë na die lewe laat kyk.**

**Skryf aan: Lewende Kerk van God
 Privaatsak X 3016
 Harrismith, FS
 9880**

**of skakel : 058 622 1424
 en meld dat u navraag doen
 oor die "Wêreld van Môre" Bybelstudiekursus**